

MT 2  
A.C.

**RGV**

***die 1965-talentopnametoetsprogram***

*raad vir geesteswetenskaplike navorsing*

001.3072068 HSRC  
MT 2

# BIBLIOTEEK LIBRARY

## RGN

RAAD VIR  
GEESTESWETENSKAPLIKE  
NAVORSING

## HSRC

HUMAN  
SCIENCES RESEARCH  
COUNCIL



RGN · HSRC

RAA

Pri

Telefoon

President: Dr. P.

Vise-presidente: D

Sekretaris: Mej. K

### Institute en Departemente van die RGN

Instituut vir Geskiedenisnavorsing

Instituut vir Kommunikasienavorsing

Instituut vir Mannekragnavorsing

Instituut vir Navorsingsfinansiering en -koördinerling

Instituut vir Opvoedkundige Navorsing

Instituut vir Psigometriese Navorsing

Instituut vir Sosiologiese Navorsing

Instituut vir Statistiese Navorsing

Instituut vir Taal, Lettere en Kuns

Departement van Inligting en Spesiale Dienste

Adminlstrasle

### Funksie van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING



RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK

HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

**PROGRAM**

1986 -01- 0 6

L. ROOS, M.A.  
WETENSKAPPE  
WETENSKAPPE

WETENSKAPPE

DIREKTEUR: MNR. W. VERHOEF

0 0 0 0 0 0 0 0 0 0 0 0 0 0 0 0 0 0 0 0



2844363866



PRETORIA

1970

VERSLAG Nr. MT 2

Obtainable in English  
Kopiereg voorbehou

001.3072068 HSRC MT 2



\* 0 5 0 6 9 4 \*



## ERKENNING

Hierdie verslag handel oor Projek Talentopname. Talentopname is 'n langtermynnavorsingsprojek wat in 1965 'n aanvang geneem het met die hoofdoel om te bepaal wat die land se mannekragpotensiaal is en om gegewens beskikbaar te stel wat sal help om hierdie potensiaal tot die maksimum te laat ontwikkel. Die projek is met die samewerking van al die onderwysdepartemente van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika asook die verenigings van kerk- en privaatskole onderneem.

Die persone wat die breë beplanning tussen 1959 en 1964 opgestel het en die nodige oortuigingswerk gedoen het om Talentopname tot stand te bring, is dr. P.M. Robbertse, tans President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), prof. dr. H.P. Langenhoven, tans verbonde aan U.O.V.S. en dr. A.B. Fourie, tans verbonde aan die Departement van Bantoe-onderwys. Talentopname word uitgevoer onder leiding van mnr. W. Verhoef, Direkteur, Instituut vir Mannekragnavorsing en mnr. W.L. Roos, Hoofnavorsingsbeampte, Instituut vir Mannekragnavorsing. Die toetse en persoonlikheids- en belangstellingsvraelyste wat gebruik is, is opgestel deur die Instituut vir Psigometriese Navorsing waarvan dr. J.H. Robbertse die Direkteur is. Persone, behalwe bogenoemdes, wat ook ten nouste met Talentopname gemoeid is, is die volgende:

(i) Personeellede:

(a) Dr. J.D. Venter, Vice-president van RGN

(b) Talentopnamekomitee:

Dr. A.J. van Rooy, Vice-president van RGN

Mnr. J.B. Haasbroek, Direkteur, Instituut vir Opvoedkundige Navorsing

Dr. F.A. Fouché, HNB, Instituut vir Psigometriese Navorsing

(c) Instituut vir Mannekragnavorsing:

Mnr. U.J. van der Walt, HNB

Mnr. F.B. Smith, SNB

Mnr. G.F. Starker, SNB

(d) Instituut vir Statistiese Navorsing:

Mnr. A.R. van den Berg, HNB

(ii) Advieskomitee vir Talentopname (uitgesonderd personeellede)

Dr. N.J. Heyns, Kaaplandse Onderwysdepartement

Dr. J.C. Groenewald en mnr. H.J. van der Merwe, Transvaalse Onderwysdepartement

Dr. A.C. Böhmer, Onderwysdepartement van O.V.S.

Dr. H.A. Coetzee, Natalse Onderwysdepartement

Dr. C.H. de C. Murray, Departement van Hoër Onderwys

Mnr. R.G. Post, Onderwysdepartement van S.W.A.

Brother Smith, Vereniging van Kerkskole (tans mev. T.A. Nixon)

Mnr. A.R.A. Murray, Vereniging van Privaatskole

Prof. G.J. Jordaan, Nasionale Onderwysraad (tans mnr. P.W. du Plooy)

Daarby word met dank verwys na die meer as 1000 persone, meesal onderwysers, wat by die skole as toetsafnemers, organiseerders of toesighouers opgetree het en personeellede van die sielkundige en voorligtingsdienste van al die onderwysdepartemente wat toetsafnemers opgelei het en belangrike skakels in die groot organisasie van die toetsprogramme was. Die sukses van Talentopname word ook aan die heelhartige samewerking van die ongeveer 85,000 leerlinge wat betrokke is, toegeskryf. Laastens word met dank van die Departement van Hoër Onderwys melding gemaak wat 'n IBM 1230-optiese leser asook hul IBM 360-rekenaar beskikbaar gestel het.

<b>RGN BIBLIOTEK LIBRARY</b>		<b>HSRC</b>
1983 -09-09		
STANDKODE	REGISTERNOMMER	
DOI: 3072.068 HSRC	MT 2	
BESTELNOMMER	001247	
G		

HOOFSTUK	INHOUD	BLADSY
1.	INLEIDING EN DOEL	1
1.1	Inleiding	1
1.2	Doel met Talentopname	1
1.3	Navorsingsraamwerk	1
1.3.1	Navorsing met die oog op die bepaling of identifisering van faktore en/of omstandighede wat die maksimale ontwikkeling van leerlinge na st.6 beïnvloed	1
1.3.2	Navorsing met die oog op 'n raming van die mannekragpotensiaal van die land	2
1.3.3	Navorsing in verband met toetse	3
1.3.4	Basiese navorsing	4
1.4	Doel met hierdie verslag	4
2.	ORGANISASIE EN BEPLANNING	5
2.1	Beplanning	5
2.1.1	Omvang van die 1965-toetsprogram	5
2.1.2	Vlak van toetsing	5
2.1.3	Die 1965-toetsbattery	6
2.1.4	Beskrywing van die meetinstrumente wat in die 1965-toetsprogram gebruik is	6
2.2	Organisasie	9
2.2.1	Manier van toetsing	9
2.2.2	Voorondersoek	9
2.2.3	Vorbereiding	10
2.2.4	Opleiding van toetsafnemers	10
2.2.5	Die handleiding	11
2.2.6	Vorbereiding en versending van toetsmateriaal	12
3.	DIE TOEPASSING VAN DIE TOETSE EN DIE OMSTANDIGHEDF. WAARONDER DIT PLAASGEVIND HET	14
3.1	Toetsprosedure	14
3.2	Omstandighede waaronder die toetse toegepas is	14
3.2.1	Agtergrond en algemene kommentaar	15
3.2.2	Die opleiding van toetsafnemers	16
3.2.3	Afwykinge van die toetsprogram	16
3.2.4	Omstandighede of faktore wat leerlinge se prestasies moontlik nadelig kon beïnvloed het	16
3.2.5	Afwesigheid van leerlinge	17
3.2.6	Samevatting	17
4.	DIE NASIEN VAN ANTWOORDBLAAIE EN DIE RAPPORTERING VAN RESULTATE AAN SKOLE EN ONDERWYSDEPARTEMENTE	18
4.1	Ontvangs van toetsmateriaal	18
4.2	Kontrolering en nasien van vraelyste en antwoordblaaie	18
4.3	Die oordra van gegewens op ponskaarte	19
4.4	Rapportering van resultate aan skole en onderwysdepartemente	19
5.	DIE RESULTATE VAN 1965 SE STANDERD SES-LEERLINGE	21
5.1	Resultate van die verstand- en aanlegtoetse	22
5.2	Resultate van die skolastiese toetse	25
5.3	Resultate van die Guilford-Scheidmann-Zimmerman-Belangstellingsvraelys (GSZ)	26
5.4	Resultate van die Persoonlikheids- en Aanpassingsvraelyste	28
5.5	Resultate van die Biografiese en Onderwysersvraelyste	30
6.	ENKELE OPVOLGGEGEWENS TEN OPSIGTE VAN 1965 SE STANDERD SES-LEERLINGE	48
6.1	Eksamenpunte	48
6.2	Skoolverwisseling	53
6.3	Skoolverlating	53
	SLOT	54
	VERWYSINGS	55
	BYLAAG	

TABELLE

TABEL		BLADSY
5.1	RESULTATE VAN DIE NSAG (INTERMEDIËR G)	22
5.2	RESULTATE VAN DIE NSAG (SENIOR D)	23
5.3	RESULTATE VAN DIE JUNIOR AANLEGTOETSE	23
5.4	RESULTATE VAN DIE HANDELSTOETSE	24
5.5	RESULTATE VAN DIE TEGNIESE TOETSE	24
5.6	RESULTATE VAN DIE ALGEMENE TOETSE IN TAAL EN REKENKUNDE	25
5.7	RESULTATE VAN DIE SPELLINGTOETSE	26
5.8	RESULTATE VAN DIE WETENSKAP-, GESKIEDENIS- EN AARDRYKSKUNDETOETSE	26
5.9	RESULTATE VAN DIE GUILFORD-SCHIEDMANN-ZIMMERMAN-BELANGSTELLINGSVRAELYS	27
5.10	RESULTATE VAN DIE HOÛRSKOOLO-PERSOONLIKHEIDSVRAELYS	28
5.11	RESULTATE VAN DIE AANPASSINGSVRAELYS	30
6.1	DIE 1965 STANDERD SES-EINDEKSAMENPUNTE VAN TALENTOPNAMELEERLINGE	49
6.2	DIE 1966 STANDERD SEWE-EINDEKSAMENPUNTE VAN TALENTOPNAMELEERLINGE	51
6.3	DIE 1966-EINDEKSAMENPUNTE VAN TALENTOPNAMELEERLINGE WAT STANDERD SES IN 1966 HERHAAL HET	52





# HOOFSTUK I

## INLEIDING EN DOEL

### 1.1 INLEIDING

Projek Talentopname, een van die grootste langtermynnavorsingsprojekte wat nog ooit op die gebied van die onderwys in Suid-Afrika onderneem is, het gedurende die tydperk 19 Julie tot 17 September 1965 'n aanvang geneem toe 69,908 st.6-leerlinge met 'n omvattende battery toetse en vraelyste getoets is. Voorsiening is gemaak vir die meting van verstandelike vermoë, aanleg, belangstelling, persoonlikheid, aanpassing, skoolastiese peil en agtergrond.

Die doelstellings en breë eksperimentele opset van Talentopname word volledig in 'n vorige verslag (Verslag MT 1, Verhoef en Roos, 1970) uiteengesit en word dus nie weer hier volledig bespreek nie. Bogenoemde verslag gee onder andere 'n uiteensetting van die doelstelling van Talentopname, die navorsingsraamwerk met die oog op die bereiking van die doelstellinge, die ondersoekgroepe wat in Talentopname betrek is asook 'n volledige beskrywing van die toetse en vraelyste wat in die toetsprogramme vir sts. 6-, 8- en 10-leerlinge gebruik is.

Ter inleiding tot hierdie verslag, en ter aansluiting by die vorige verslag MT 1, word die doelstellinge en navorsingsraamwerk van Talentopname soos dit in verslag MT 1, gestel is, net weer hier kortliks herhaal.

### 1.2 DOEL MET TALENTOPTNAME

Die breë doelstelling met Talentopname is om 'n antwoord te vind op die vraag: WAT IS ONS LAND SE BLANKE MANNEKRAGPOTENSIAAL? en om gegewens beskikbaar te stel om hierdie potensiaal TOT DIE MAKSIMUM TE LAAT ONTWIKKEL.

Uit bogenoemde breë doelstelling volg onmiddellik twee afsonderlike doelstellings, naamlik

- (a) om 'n raming van die Blanke mannekragspotensiaal van Suid-Afrika te verkry, en
- (b) die bepaling of identifisering van faktore en/of omstandighede wat die maksimale ontwikkeling van die mannekragspotensiaal beïnvloed.

Alhoewel dit as deel van genoemde doelstellings gesien kan word, word die volgende vanweë hul besondere belang, afsonderlik gemeld, naamlik

- (c) die ontwikkeling van geldige en betroubare sielkundige toetse (en ander hulpmiddels) soos benodig vir die beoogde nasionale stelsel van gedifferensieerde onderwys, en
- (d) die bestudering van begaafdheid en die identifisering van begaafdes.

Daar is reeds in die beginstadium van Talentopname voorsien dat 'n groot aantal leerlinge in omvangryke toetsprogramme betrek sou word. Dit was dus van pas om die volgende doelstelling tot die bestaandes te voeg, alhoewel dit miskien nie bydra tot die breë doelstelling van die projek nie:

- (e) Om die leerlinge wat aan die ondersoek deelneem, soveel voordeel as moontlik uit hul deelname te laat trek.

Dit is dus die doel met Talentopname om deur navorsing 'n bydrae te lewer tot die uitvoering van 'n doelstelling van die onderwys, naamlik dat "onderwys verskaf moet word ooreenkomstig die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die leerling en die behoeftes van die land ..." (Artikel 2(1)(f), Wet No. 39, 1967) en sodoende ook uitvoering te gee aan 'n doelstelling van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, naamlik om inligting vry te stel oor "die wyse waarop die potensialiteite van die inwoners van die land die beste ontwikkel en benut kan word" (Artikel 3 (b)(iv), Wet No. 23, 1968).

### 1.3 NAVORSINGSRAAMWERK

Aansluitend by die doelstellings met Talentopname word nou baie kortliks 'n raamwerk vir die navorsing wat beoog word, aangebied. In die navorsingsverslae van Talentopname sal altoos na hierdie raamwerk verwys word.

#### 1.3.1 Navorsing met die oog op die bepaling of identifisering van faktore en/of omstandighede wat die maksimale ontwikkeling van leerlinge na standerd ses beïnvloed

Die navorsing op hierdie terrein handel basies oor die bepaling van die verband tussen verskillende faktore en/of omstandighede en sukses in onderwys en opleiding, met insluiting van die onderlinge verband tussen faktore en/of omstandighede en met inagneming

van die individuele verskille tussen leerlinge of verskille tussen groepe leerlinge.

Daar word aanvaar dat 'n groot aantal faktore en/of omstandighede van verskillende aard elk in meerdere of mindere mate die ontwikkeling van leerlinge beïnvloed en dat die mate van beïnvloeding verskillend is vir verskillende leerlinge. Verskille tussen leerlinge sal dus in ag geneem moet word. Alhoewel geen twee leerlinge presies eenders is nie, kan om praktiese redes nie alle individuele verskille in die navorsing in ag geneem word nie en sal die leerlinge gegroepeer moet word. Buitendien is daar 'n paar groepe leerlinge wat besondere en afsonderlike aandag regverdig.

Bogencemde verskeidenheid van faktore en/of omstandighede kan moeilik gelyktydig gehanteer word en 'n indeling of groepering is bloot om praktiese redes noodsaaklik soos hieronder aangedui.

(a) Groepering van leerlinge

(i) Algemene groepering

Die groepering van leerlinge kan op 'n verskeidenheid van maniere gedoen word. Die oogmerk van enige groepering is om sogenaamde homogene groepe te verkry. Daar word aanvaar dat enige groep leerlinge alleen in bepaalde opsigte homogeen kan wees.

In die verskillende navorsingsprojekte wat met Talentopnamegegewens onderneem sal word, sal groeperings gemaak word na gelang die doel van elke projek. Dit kan wees op grond van geslag, ouderdom, intellektuele vermoë, aanleg, skolastiese prestasie, belangstelling, persoonlikheid, beroep van vader, grootte van die gesin, soort skool wat bygewoon word of enige faktor en/of omstandigheid en/of eienskap waarvoor gegewens beskikbaar is. Meer as een faktor of omstandigheid of eienskap kan ook gelyktydig aangewend word om 'n bepaalde groepering te verkry.

Van die moontlike groeperings is daar 'n paar wat vir afsonderlike bestudering uitgesonder word. Die groepe is nie onafhanklik nie maar oorvleuel in die sin dat sekere leerlinge in meer as een groep voorkom. Hierdie groepe is die volgende:

(ii) Begaafde leerlinge

(iii) Ondergemiddelde leerlinge

(iv) Onderpresteerders

(v) Wanaangepaste leerlinge

(vi) Druipelinge

(b) Indeling van faktore en omstandighede

Daar is verskeie basisse waarop die faktore en omstandighede wat moontlik 'n invloed kan hê op die ontwikkeling van leerlinge na st.6, ingedeel kan word. Die indeling wat hieronder volg, is eerstens die faktore en omstandighede wat skoolgebonde is, tweedens dié wat op die leerlinge se lewe tuis betrekking het en laastens al die ander faktore wat moeilik by een van die eerste twee kategorieë geplaas kan word.

(i) Skoolfaktore

Die faktore en/of omstandighede wat op direkte wyse aan die skool wat die leerling besoek, gekoppel kan word, val in hierdie kategorie. Voorbeelde hiervan is enkelgeslag-skool teenoor gemengde skool, privaatskool teenoor staatskool, beroepskool teenoor akademiese skool, groot skool teenoor klein skool, skole met onderwysers wat oor hoë akademiese kwalifikasies beskik teenoor skole waar dit nie die geval is nie, skole waar voorligting deur toepaslik opgeleide personeel behartig word teenoor skole waar dit nie die geval is nie, skole wat oor ruim en doeltreffende fasiliteite (soos laboratoriums, sportgronde, biblioteke) beskik, teenoor skole waar dit nie die geval is nie.

(ii) Huislike faktore

Die faktore en/of omstandighede wat betrekking het op die leerling se lewe tuis, val in hierdie kategorie. Voorbeelde hiervan is onderwyspeil van ouers, grootte van gesin, beroep van vader, studiegeleenthede by die huis, ouers se aspirasies vir hul kinders.

(iii) Ander faktore

Voorbeelde hiervan is stad teenoor platteland, koshuis teenoor woonstel of huis, deelname aan buitemuurse aktiwiteite, gesondheidsprobleme, linkshandigheid, ouderdom, belangstelling, motivering.

### 1.3.2 Navorsing met die oog op 'n raming van die mannekragpotensiaal van die land

Elke jaar verlaat 'n sekere aantal persone die opleidingsinrigtings van die land, staak sodoende hul opleiding en tree vir die eerste keer tot die arbeidsmag van die land toe. Hierdie jaarlikse toevoeging tot die arbeidsmag (of mannekrag) bestaan nie bloot uit 'n aantal mense wat elk 'n bepaalde beroep kan beoefen nie, maar bestaan uit 'n aantal mense wat individueel en gesamentlik oor 'n groot verskeidenheid vermoëns, houdinge, belangstellings, aspirasies, vaardighede, kennis, ensovoorts beskik. Alhoewel elkeen deel van die land se mannekrag word en ekonomies bedrywig in 'n bepaalde beroep word en 'n bepaalde peil van produksie of diens lewer, bestaan die moontlikheid dat hy 'n hoër peil van produksie of diens dieselfde of 'n ander beroep kon gelewer het.

By "mannekragpotensiaal" is daar dus twee situasies waarmee rekening gehou moet word, naamlik dit wat werklik gebeur of gebeur het en dit wat kon gebeur het. Voorlopig word besluit dat eersgenoemde situasie betrekking het op "mannekragpotensiaal", laasgenoemde situasie op "teoretiese mannekragpotensiaal" en die verskil tussen die twee situasies op "verlies van mannekrag". Die navorsing wat onderneem sal word, beoog om duidelikheid oor hierdie twee situasies te verkry vir sover as wat dit kwantitatief moontlik is. In kort bestaan die navorsing uit die bepaling van wie die skool of ander opleidingsinrigting in sekere stadiums verlaat, en die redes of oorsake vir te vroeë skoolverlating of staking van opleiding.

(a) Skoolverlaters

Skoolverlaters word vir navorsingsdoeleindes groepeer volgens die hoogste skoolstandaard geslaag of kwalifikasie behaal, naamlik diegene wat skool verlaat sonder dat hulle oor n st.6- of gelykwaardige kwalifikasie beskik, diegene met st.6- maar sonder n st.7-kwalifikasie, diegene met st.7- maar sonder n st.8-kwalifikasie, diegene met st.8- maar sonder n st.9-kwalifikasie, diegene met st.9- maar sonder n st.10-kwalifikasie, diegene met n st.10-kwalifikasie maar sonder universiteitsvrystelling, diegene met universiteitsvrystelling, diegene wat die verdere opleidingskursusse van 2, 3, 4, 5, 6 of 7 jaar voor voltooiing daarvan staak en diegene wat laasgenoemde kursusse voltooi.

(b) Raming van mannekragpotensiaal

Uit die navorsing in par. 1.3.2 (a) genoem, word n beeld opgebou van die bestemming van die totale groep leerlinge wat oorspronklik in st.6 in die ondersoek betrek is. Die voltooië beeld sal minstens bestaan uit besonderhede oor die geslag en ouderdom van elke groep wat met n bepaalde kwalifikasiepeil tot die arbeidsmag toegetree het. Deur te aanvaar dat hierdie ondersoekgroep verteenwoordigend is van die daaropvolgende en selfs voorgaande st.6-groepe, kan n raming van die uiteindelijke bestemming van hierdie groepe leerlinge gemaak word. Hierdie raming sal bestaan uit die kwalifikasie-, geslag- en ouderdomstruktuur van die groep persone wat in elke kalenderjaar vanaf 1965 tot sê 1980 tot die bestaande arbeidsmag van die land gevoeg word. Voorlopig sal dit dan ook as n raming van die mannekragpotensiaal van die land beskou word. Hierdie raming word onder andere benodig vir algemene mannekragnavorsing wat in die Instituut vir Mannekragnavorsing onderneem word, maar veral in die studies oor die vraag na en aanbod van mannekrag vir die land as geheel.

Dit is duidelik dat kwalifikasie, ouderdom en geslag nie die enigste moontlike "eenhede" is waarin mannekragpotensiaal uitgedruk kan word nie. Algemene intellektuele vermoë, aanleg of vermoë vir die beoefening van een of ander hoëvlakberoep, belangstelling en motivering is "eenhede" wat ewe goed gekies kan word. Die verskil is egter dat eersgenoemde "eenhede" baie makliker kwantifiseerbaar is as die laasgenoemde. Navorsing sal egter onderneem word om n beeld van die mannekragpotensiaal van die land in wyer en meer omvattender terme (of in meer detail) as kwalifikasies, ouderdom en geslag te verkry.

(c) Raming van verlies aan mannekrag

Die vraagstuk van "wat kon gebeur het" kom nou ter sprake.

Dit is n algemene uitgangspunt van Talentopname dat die beter opgeleide persoon n hoër peil van dienslewering of produksie lewer as die minder goed opgeleide persoon, alhoewel peil van opleiding nie die enigste faktor is wat produksie of dienslewering bepaal nie.

Daar word egter nie beoog om die hoogste peil van onderwys en opleiding waartoe elkeen in die ondersoekgroep in staat is, vir elke individu te bepaal nie. Alleenlik ramings van die peil van onderwys en opleiding wat van groepe persone op grond van vergelyking met groepe meer suksesvolle persone verwag kan word, sal gemaak word om te dien as aanduiding van "wat kon gebeur het".

Deur hierdie ramings in verband te bring met die resultate van die navorsing in par. 1.3.2 (b) beskryf, word verwag om n redelike aanvaarbare raming van die verlies aan mannekrag wat die land ondervind, te verkry. Afhangende van die geldigheid en betroubaarheid van die sielkundige toetse en ander meetinstrumente wat gebruik is, word beoog om ook in hierdie geval dit in wyer en omvattender terme (of meer detail) as kwalifikasies, ouderdom en geslag uit te druk.

### 1.3.3 Navorsing in verband met toetse

Die breë doelstelling met die navorsing wat hier ter sprake is, is die ontwikkeling van geldige en betroubare sielkundige toetse (en ander hulpmiddels) soos benodig vir die beoogde nasionale stelsel van voorligting as integrale deel van die nasionale stelsel van gedifferensieerde onderwys.

In genoemde stelsel van voorligting word voorsiening gemaak vir die gebruik van n battery toetse op st.6-vlak asook n battery toetse op st.8-vlak. Die navorsing insake

toetse moet dus onder andere lei tot die uiteindelijke beskikbaarstelling van hierdie toetsbatterie.

#### 1.3.4 Basiese navorsing

Basiese navorsing wat met aspekte van al bogenoemde navorsing, direk of indirek, te doen het, asook navorsing wat nie direk met die hoofdoelstellings van Talentopname te doen het nie, word hier ingedeel.

##### (a) Navorsing oor steekproewe

Om ekonomiese redes is dit nie wenslik dat al die navorsing wat in bogaande indelings uiteengesit is ten opsigte van die totale ondersoekgroep onderneem word nie. In baie gevalle is 'n verteenwoordigende steekproef van leerlinge voldoende. Vanweë die groot verskeidenheid van inligting wat beskikbaar is, kan die verteenwoordigendheid van enige steekproef bepaal word. Gevolglik kan met verskillende groottes van steekproewe en verskillende metodes van steekproeftrekking geëksperimenteer word om vir elke doel die beste steekproef (d.i. die kleinste wat verteenwoordigend genoeg is) te vind.

##### (b) Navorsing oor eksamenpunte

Eksamenpunte is 'n belangrike kriterium wat in baie van die navorsing wat met Talentopname beoog word, gebruik sal word. Dit is bekend dat, alhoewel verskeie stappe (soos eenvormige leerplanne) gedoen word om in skoolksamens dieselfde norm op alle leerlinge van toepassing te maak, daar tog verskille in standaarde tussen onderwysers en tussen skole bestaan. Navorsing is nodig om vas te stel op watter wyse hierdie verskille uit die weg geruim of gehanteer moet word in die navorsing waar eksamenpunte as kriterium gebruik word.

##### (c) Ander basiese navorsing

Ander navorsing wat noodsaaklik blyk te wees, is byvoorbeeld die bepaling van beroepsukses.

(Vir 'n volledige uiteensetting van die navorsingsraamwerk kyk verslag MT 1, Verhoef en Roos, 1970.)

#### 1.4 DOEL MET HIERDIE VERSLAG

Die doel met hierdie verslag is die volgende:

(a) Om 'n beskrywing van die beplanning, organisasie en uitvoering van die 1965-Talentopnametoetsprogram te gee en sodoende aan te dui in hoeverre daarin geslaag is om gewens so betroubaar moontlik te verkry;

(b) om op grond van die resultate van die 1965-toetsprogram en sekere eksamenresultate 'n globale beeld van die 1965 se st.6-leerlinge te gee, wat onder andere vir vergelykingsdoeleindes gebruik kan word.

Soortgelyke verslae sal ook geskryf word ten opsigte van die 1967-toetsprogram vir st.8-leerlinge en die 1969-toetsprogram vir st.10-leerlinge.

Aangesien hierdie verslag oor die 1965-toetsprogram van Talentopname handel, is dit wenslik om te meld wat met hierdie program beoog is. Die doel met die 1965-toetsprogram was, om in die lig van die doelstellinge van Talentopname deur middel van 'n omvattende batterie toetse en vraelyste, so betroubaar en geldig moontlik, metings te verkry van die verstandelike vermoëns, skolastiese peil, aanlegte, persoonlikheidstrekke, belangstelling en biografiese en ander agtergrondgegevens van die universum van 1965 se st.6-leerlinge in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. Verder was dit die doel om die toetsresultate aan skole en onderwysdepartemente beskikbaar te stel en wel op so 'n wyse dat dit tot voordeel van elke deelnemende leerling aangewend kon word.

## HOOFSTUK 2 ORGANISASIE EN BEPLANNING

In hierdie hoofstuk word in breë trekke 'n aanduiding gegee van die beplanning en organisasie wat die 1965-toetsprogram van Talentopname voorafgegaan het.

### 2.1 BEPLANNING

#### 2.1.1 Omvang van die 1965-toetsprogram

'n Belangrike aspek insake die 1965-toetsprogram was die vraag of dit 'n landswye ondersoek moes wees wat elke Blanke leerling op 'n spesifieke skoolvlak gaan betrek en of 'n verteenwoordigende steekproef voldoende sou wees. Die besluit op 'n nasionale opname in plaas van 'n steekproef is op grond van die volgende oorwegings geneem:

(a) Die hoofdoel met die 1965-toetsprogram was om 'n opname van die land se beskikbare mannekragpotensiaal te maak en vir dié doel sou 'n steekproef nie voldoende wees nie. Indien 'n steekproef gebruik word, sou voorspellingsmetodes verder gebruik moes word wat nie altyd korrekte gegewens tot gevolg het nie.

(b) Die addisionele werk, koste en tyd om 'n nasionale opname te maak, sou nie veel meer wees as in die geval van 'n goed verteenwoordigende steekproef nie.

(c) Aangesien dit beoog was om die leerlinge wat by die ondersoek betrek sou word vir 'n periode van minstens vyf jaar op te volg, sou die aantal leerlinge wat oor dié periode nog opgespoor kon word, indien 'n steekproef gebruik word, so min wees dat geen gelidige gevolgtrekkings op grond van die klein getalle moontlik sou wees nie. Daar is byvoorbeeld op grond van beskikbare onderwysstatistiek bepaal dat 30,141 leerlinge in die Republiek en Suidwes-Afrika die skool vanaf 1958 tot 1962 verlaat het voordat hulle st. 10 voltooi het. Hierdie syfer van 30,141 leerlinge verteenwoordig 46 persent van die oorspronklike st.6-groep.

(d) Deur al die st.6-leerlinge by die 1965-toetsprogram te betrek, kon die toetsresultate aan skole beskikbaar gestel word vir die doel van onderwys- en beroepsleiding. Die skole sou dan oor 'n feitlike beeld van elke st.6-leerling se potensialiteite beskik op grond waarvan wetenskaplike onderwys- en beroepsleiding kon verseker dat elke leerling die maksimum onderwysopleiding in ooreenstemming met sy of haar vermoëns ontvang.

(e) Die universum van ongeveer 70,000 st.6-leerlinge is heelwat minder as die 5 persent steekproewe wat in oorsese ondersoeke gebruik is. Vir die Project Talent en die Carnegie Study is onderskeidelik 450,000 en 154,448 leerlinge getoets.

Die enigste leerlinge wat by die 1965-toetsprogram uitgesluit is, was subnormale leerlinge in spesiale klasse of skole en leerlinge verbonde aan nywerheids-, verbeterings- en ander spesiale skole aangesien daar gemeen is dat hierdie leerlinge, om spesifieke redes, reeds van die universum geskei is. Genoemde leerlinge ontvang ook reeds spesiale onderwys in ooreenstemming met hulle vermoëns sodat hulle vir die doel van Talentopname met reg buite rekening gelaat kon word.

#### 2.1.2 Vlak van toetsing

Die besluit om st.6-leerlinge by die 1965-toetsprogram te betrek, is op grond van die volgende oorwegings geneem:

(a) Die ondersoekgroep moes verteenwoordigend wees van alle leerlinge wat by elke standaard die skool verlaat om te gaan werk of na ander inrigtings vir verdere opleiding gaan. Die aangewese vlak van toetsing was dus st.6 aangesien dit deur byna alle opvoedbare Blanke leerlinge bereik word. St. 7 sou nie meer verteenwoordigend wees nie aangesien 'n persentasie leerlinge reeds die skool aan die einde van st.6 verlaat.

(b) Dit is wenslik dat die identifisering van talent so vroeg as moontlik in 'n leerling se skoolloopbaan plaasvind om hom sodoende die maksimum voordeel van onderwys- en beroepsleiding vir die res van sy skoolloopbaan te gee. Indien leerlinge van st.5 of laer standerds egter getoets sou word, sou die praktiese uitvoerbaarheid van die 1965-toetsprogram in die gedrang kom aangesien die st.5-leerlinge oor ongeveer 2177 skole versprei is, terwyl die st.6-leerlinge oor slegs ongeveer 800 skole versprei is.

(c) Differensiasie ten opsigte van vakrigtings neem in st.7 'n aanvang sodat die identifisering van talent op st.6-vlak nog betyds is om die leerling vir die res van sy hoërskoolloopbaan die voordeel van wetenskaplike onderwys- en beroepsleiding te gee.

(d) Toetsing op 'n laer vlak as st.6 sou beteken dat die groot meerderheid van leerlinge 'n adresverandering sou ondergaan met die oorgang na die hoërskole en dit sou die administratiewe werk ten opsigte van opvolgstudies vermeerder.

### 2.1.3 Die 1965-toetsbattery

Daar is gemeen dat die 1965-toetsbattery so omvattend as wat prakties moontlik is, moet wees om aan die doelstellinge van Talentopname te beantwoord. Die samestelling van die toetsbattery is beplan met inagneming van onder andere die volgende:

(a) Menslike vermoëns, potensiaal of begaafdheid openbaar sigself op verskillende maniere. Dit sou dus wenslik wees om 'n verskeidenheid van meetinstrumente in die toetsbattery in te sluit om soveel aspekte of dimensies as moontlik van die persoonlikheid te meet.

(b) Om 'n battery gestandaardiseerde toetse saam te stel wat as geldige meetinstrumente kan dien in 'n doeltreffende stelsel van voorligting, moes die oorspronklike toetsbattery groot genoeg wees sodat die aantal toetse wat oorbly nadat minder doeltreffende toetse uitgeskakel is, nogtans daarin sou slaag om 'n omvattende beeld van die persoonlikheid te gee waarvolgens wetenskaplike onderwys- en beroepsleiding kon geskied.

(c) Om te voorsien in die psigometriese doelstellinge van Talentopname waarvolgens die geldigheid van die bestaande meetinstrumente bepaal sou word, was dit nodig om soveel toetse as moontlik wat vir st.6-leerlinge geskik is, by die battery in te sluit.

Die 1965-toetsbattery het vervolgens uit die onderstaande veertien toetse en vraelys te bestaan. 'n Volledige beskrywing van die toetse en vraelys wat in die 1965-toetsprogram gebruik is, word in verslag MF 1 (Verhoef en Roos, 1970) gegee, sodat daar vir die doel van hierdie verslag slegs volstaan word met 'n baie kort beskrywing van die meetinstrumente.

### 2.1.4 Beskrywing van die meetinstrumente wat in die 1965-toetsprogram gebruik is

(a) Verstand- en aanlegtoetse

(i) Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets (NSAG) (Intermediêr (Vorm G) en Senior (Vorm D) Reeks)

Die NSAG gee 'n betroubare meting van sekere aspekte van die ontwikkelingsintelligensie, d.i. oorgeërfde intellektuele potensiaal wat tot op die dag van toetsing onder omgewingsinvloede ontwikkel het. Die toets bestaan uit drie verbale en drie nie-verbale subtoetse van 25 items elk en lewer drie tellings, naamlik 'n Verbale IK, 'n Nie-verbale IK en 'n Totale IK. Die intermediêre reeks is bedoel vir ouderdomme van 10 jaar tot 14 jaar en 11 maande terwyl die senior reeks vir ouderdomme 13 jaar tot 17 jaar en 11 maande bedoel is.

(ii) Junior Aanlegtoetse (JAT)

Die JAT gee 'n betroubare en objektiewe meting van die vermoë om kennis en vaardighede in verskeie min of meer spesifieke rigtings te verwerf. Die toets is geskik vir leerlinge in sts. 4 tot 8 en bestaan uit die volgende twaalf toetse:

Toets 1 : Redenering meet die vermoë om logies te redeneer.

Toets 2 : Klassifikasie meet die nie-verbale aspek van intellektuele vermoë, naamlik om verhoudings in te sien en probleme van 'n logiese aard op te los.

Toets 3 : Berekeninge meet die vermoë om vinnig en akkuraat met syfers en ander aangeleerde sisteme te werk.

Toets 4 : Onderdele meet kennis van meganiese voorwerpe, gereedskap en onderdele.

Toets 5 : Sinonieme meet kennis van die betekenis van woorde in Afrikaans en Engels en die vermoë om woorde wat in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan, uit te soek.

Toets 6 : Vierkante meet die vermoë om vormmateriaal in die verbeelding te manipuleer en tot 'n geheel wat aan sekere vereistes moet voldoen, te organiseer.

Toets 7 : Naamvergelyking meet die vermoë om fyn detail en klein verskilletjies in werk van 'n klerklike en verbale aard vinnig raak te sien.

Toets 8 : Figuurwaarneming meet waarnemingsvermoë van 'n meganiese en nie-taalkundige aard.

Toets 9 : Geheue vir name en gesigte meet die vermoë om name en gesigte met mekaar te assosieer en hulle te onthou.

Toets 10 : Woordvlotheid meet die vermoë om woorde vinnig en vlot op te roep.

Toets 11 : Koördinasie meet oog-handkoördinasie.

Toets 12 : Skryfspoed meet die vermoë om vinnig te skryf.

(iii) Handelstoetse (HT)

Die HT is opgestel om 'n betroubare en objektiewe beeld te gee van leerlinge se algemene vermoë in die handelsrigting en van hulle moontlikhede in sekere van die vernaamste terreine binne die handelsrigting. Die toets is bedoel vir leerlinge in sts. 6, 7 en 8. Die HT bestaan uit die volgende ses toetse:

- Toets 1 : Rekenkunde deel I bevat meganiese bewerkinge wat met behulp van die vier hoofmetodes van berekening, naamlik optel, aftrek, vermenigvuldiging en deling gedoen word en meet 'n persoon se vaardigheid met syfers.
- Toets 2 : Rekenkunde deel II bestaan uit eenvoudige rekenkundeprobleme veral van die soort wat in die handels- en klerklike beroepe aangetref word en meet 'rekenkundige vermoë in praktiese situasies.
- Toets 3 : Vergelyking bestaan uit twee lyste name en syfers wat met mekaar vergelyk moet word en meet spoed van waarneming wat van belang is in die algemeen klerklike beroepe van die handelswêreld.
- Toets 4 : Sinonieme meet veral taalkennis en taalvermoë waar abstrakte denke of redeneervermoë ook 'n rol speel.
- Toets 5 : Alfabetisering bestaan uit letters of lettergrepe wat in alfabetiese volgorde gerangskik moet word. Dit gee 'n aanduiding van die vermoë om vinnig met sisteme te werk.
- Toets 6 : Spelling en Punktuasie bestaan uit 'n geskrewe paragraaf (Engels en Afrikaans afsonderlik) waarin spelling- en punktusiasiefoute voorkom wat onderskeidelik aangedui en verbeter moet word. Hierdie toets meet kennis van praktiese taalgebruik.

(iv) Tegniese Toetse (TT)

Die TT is opgestel met die doel om 'n betroubare en objektiewe beeld te gee van die toetspersoon se algemene vermoë in die tegniese rigting en van sy moontlikhede in sekere van die vernaamste vakrigtings of ambagte binne die tegniese rigting. Die TT is op die st.7-peil gegradeer en kan vanaf die einde van die st.6-jaar tot aan die begin van die st.8-jaar toegepas word. Dit bestaan uit die volgende vyf toetse:

- Toets 1 : Rekenkunde : Hierdie toets bestaan uit die volgende twee dele:  
Deel I : Meganiese bewerkinge meet 'n persoon se vaardigheid met syfers  
Deel II : Probleme meet rekenkundige redeneervermoë in praktiese situasies.
- Toets 2 : Meganiese insig meet insig in meganiese probleme.
- Toets 3 : Vormwaarneming deel I meet vorm- of ruimtelike waarneming in 'n twee-dimensionele vlak.
- Toets 4 : Vormwaarneming deel II meet vorm- of ruimtelike waarneming van drie-dimensionele aard.
- Toets 5 : Gereedskaptoets meet kennis van tegniese gereedskap.

(b) Skolastiese Toetse

(i) Algemene Toetse in Taal en Rekenkunde (ATTR)

Die ATTR gee 'n betroubare en geldige meting van die algemene taalkundige en rekenkundige vermoë en kennis van leerlinge in sts. 5, 6 en 7. Dit bestaan uit drie toetse wat tellings ten opsigte van moedertaal, Rekenkunde en tweede taal lewer.

(ii) Spellingtoetse

Die doel met hierdie toetse is om die vermoë of vaardigheid om Afrikaanse en Engelse woorde korrek te spel, te meet. Die toetse is opgestel vir moedertaal en tweede taal. Die verskillende reekse van die toetse kan gebruik word om leerlinge in sts. 1 tot 10 te toets.

(iii) Algemene Wetenskaptoets

Die doel met die toets is om 'n aanduiding te gee van die peil van basiese kennis van st.6-leerlinge in Algemene Wetenskap om sodoende toekomstige sukses in die wetenskaplike rigting te probeer voorspel.

(iv) Geskiedenisstoets

Die toets is opgestel om leerlinge in sts. 6, 7 en 8 se basiese kennis van Suid-Afri-

kaanse Geskiedenis op objektiewe wyse te meet. Die toets bestaan uit vroeë wat handel oor Suid-Afrikaanse Geskiedenis vanaf 1652 en is bedoel vir leerlinge wat Geskiedenis of Sosiale Studies as vak op skool neem.

(v) Aardrykskundetoets

Die doel met die toets is om leerlinge in st. 6, 7 en 8 se basiese kennis van Suid-Afrikaanse Aardrykskunde op objektiewe wyse te meet. Die toets bestaan uit vroeë wat uitsluitlik handel oor die Aardrykskunde van die Republiek van Suid-Afrika en is bedoel vir leerlinge wat Aardrykskunde of Sosiale Studies as vak op skool neem.

(q) Belangstelling

Die belangstelling van die st.6-leerlinge is met behulp van die Suid-Afrikaanse hersiening van die Guilford-Scheidmann-Zimmerman-belangstellingsvraelys (GSZ) gemeet. Die GSZ is opgestel om die beroepsbelangstelling van hoërskoolleerlinge en volwassenes in agtien belangstellingsvelde te meet. Elkeen van die agtien belangstellingsvelde word verder op grond van die metode van beantwoording onderverdeel in 'n H- ("hobby" of stokperdjie) en 'n W-(werk) veld. Die agtien belangstellingsvelde wat die vraelys meet, is die volgende:

- Veld 1 : Kuns-Waardering
- Veld 2 : Kuns-Ekspresie
- Veld 3 : Taal-Waardering
- Veld 4 : Taal-Ekspresie
- Veld 5 : Wetenskap-Navorsing
- Veld 6 : Wetenskap-Teoreties
- Veld 7 : Meganies-Hantering
- Veld 8 : Meganies-Ontwerp
- Veld 9 : Buitenshuis-Natuur
- Veld 10 : Buitenshuis-Sport
- Veld 11 : Handel
- Veld 12 : Bedryfsleiding
- Veld 13 : Sosiaal-Oorredend
- Veld 14 : Sosiaal-Gesellig
- Veld 15 : Persoonlike diens
- Veld 16 : Maatskaplike diens
- Veld 17 : Kantoorwerk-Klerklik
- Veld 18 : Kantoorwerk-Numeries

(d) Persoonlikheids- en aanpassingsvraelyste

(i) Die Jr. Sr. Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (HSPV)

Die HSPV wat oorspronklik in die V.S.A. deur R.B. Cattell en H.A. Beloff opgestel en ontwikkel is, is in Suid-Afrika aangepas as 'n hulpmiddel vir sielkundiges en skoolvoorligters vir gebruik in kliniese situasies en vir navorsing. DIE HSPV meet veertien afsonderlike persoonlikheids-dimensies of -trekke, wat volgens die bevindinge van sielkundiges, nagenoeg die totale persoonlikheid omvat. Die toets wat uit 142 vroeë bestaan, se leespeil is aangepas vir die ouderdomsgroepe 12 tot 18 jaar. Die veertien trekke wat deur die HSPV gemeet word, is die volgende:

- Vriendelikheid
- Intelligensie
- Egosterkte
- Prikkelbaarheid
- Selfhandhawing
- Entoesiasme
- Pligsgetrouheid
- Avontuurlustigheid
- Sensitiwiteit
- Passiewe individualisme
- Vreesagtigheid
- Selfgenoegsaamheid
- Selfbeheersing
- Gespannenheid

(ii) Die Aanpassingsvraelys

Hierdie vraelys meet persoonlike en sosiale aanpassing en is geskik vir leerlinge tussen die ouderdomme 12 tot 17 jaar. Die vraelys meet die volgende tien velde van persoonlike en sosiale aanpassing, naamlik:



Selfvertroue  
Gevoel van eie waarde  
Gevoel van persoonlike vryheid  
Gevoel van aanvaarding en erkenning  
Sosiale verhoudings  
Simptome van senuweeagtigheid  
Morele inslag  
Huislike verhoudings  
Skoolverhoudings  
Emosionaliteit

Afgesien van bogenoemde tien velde van aanpassing, word daar ook voorsiening gemaak vir die verkryging van 'n X-telling om te bepaal hoe eerlik die toetsling die vraelys beantwoord het.

(e) Biografiese en Onderwysersvraelyste

(i) Die Biografiese Vraelys

Hierdie vraelys is spesiaal vir Talentopname opgestel met die doel om soveel moontlik biografiese en ander agtergrondsgewens van elke leerling te bekom. Die vraelys bestaan uit 66 vrae wat ongeveer 45 minute neem om te beantwoord. By elke vraag, met die uitsondering van twee oop vrae en die eerste vier vrae wat identifiserende gegewens lewer, word 'n aantal moontlike antwoorde gegee waaruit die leerling die een moet kies wat op hom van toepassing is. Die antwoorde wat gegee word, is sodanig dat dit vir 'n leerling moontlik is om elke vraag te beantwoord. Die vraelys verskaf onder andere persoonlike besonderhede en gegewens ten opsigte van die leerling se gesinsagtergrond, skool- en studieaangeleenthede en vryetydsbesteding.

(ii) Vraelys aan st.6-klasonderwysers(esse)

Die doel met hierdie vraelys was om 'n beoordeling deur die st.6-klasonderwyser(es) van elke st.6-leerling te verkry ten opsigte van onder andere die leerling se gedrag, aanpassing en vermoëns ten opsigte van die skoolsituasie. Die vraelys bestaan uit 21 vrae wat deur die st.6-klasonderwyser(es) ten opsigte van elke st.6-leerling wat aan Talentopname deelgeneem het, ingevul moes word. Die eerste vier vrae lewer identifiserende gegewens.

(f) Vraelys aan skoolhoofde

Hierdie vraelys was nie deel van die 1965-toetsbattery nie maar wel deel van die toetsprogram. Die doel met die vraelys was om onder andere inligting te bekom insake die verloop van die toetsprogram by elke skool, dit wil sê om sover as moontlik die omstandighede waaronder die toetse by 'n spesifieke skool toegepas is, te bepaal. Hierdie inligting was nodig om leerlinge se resultate so korrek as moontlik te evalueer. Die vraelys het uit 16 items bestaan wat deur die skoolhoof van elke skool (of iemand deur hom aangewys) beantwoord moes word. Hierdie vraelys en die inligting wat daardeur verkry is, word later in hierdie verslag bespreek (kyk hoofstuk 3).

## 2.2 ORGANISASIE

### 2.2.1 Manier van toetsing

Om die onkoste verbonde aan die 1965-toetsprogram so laag as moontlik te hou, is besluit om die toetsprogram in twee fases te laat plaasvind. Op hierdie manier kon die toetse en die vraelyste wat gebruik sou word, met ongeveer die helfte verminder word wat 'n aansienlike besparing in koste teweeggebring het. Volgens die beskikbare syfers ten opsigte van leerlinge in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika was daar in 1962 69,473 Blanke leerlinge in st.6, dit wil sê ongeveer 70,000 leerlinge. Voorsiening is gevolglik gemaak vir die gelyktydige toetsing van 40,000 leerlinge, dit wil sê 5000 meer as die helfte van die getal leerlinge wat in die ondersoek betrek sou word. Die 5000 adisionele toetse was nodig om te voorsien in die moontlike verlies aan materiaal weens beskadiging as gevolg van versending of ander redes en moontlike foutiewe drukwerk. Transvaal en Suidwes-Afrika se leerlinge is eerste getoets en daarna die leerlinge van Kaapland, Natal en die Oranje-Vrystaat.

### 2.2.2 Voorondersoek

Die toetsbattery van veertien meetinstrumente wat in die 1965-toetsprogram gebruik sou word, is aan die begin van 1965 op 'n klein steekproef van ongeveer 100 leerlinge in Pretoria uitgetoets. Die doel met hierdie voorlopige ondersoek was nie om bestaande toetse uit te toets nie, maar alleenlik om na te gaan watter moontlike probleme mag voorkom in die toepassing van 'n lang toetsbattery en om hierdie probleme, sover as wat dit prakties moontlik was, te probeer uitskakel in die hoofondersoek sodat die toetsprogram so glad as moontlik kon verloop. Deur middel van hierdie voorondersoek was dit ook moont-

lik om die totale toetstyd van die hele battery presies te bepaal en hiervolgens het dit geblyk dat die battery ten minste vyf skooldae in beslag sou neem.

### 2.2.3 Voorbereiding

#### (a) Vraelys aan skole

Om eerstens die uitstuur van toetsmateriaal aan skole met die minste moontlike vergraving te laat geskied en om tweedens voorsiening te maak vir die doeltreffende toepassing van die toetse by skole, was dit nodig om van elke skool wat oor st.6-leerlinge beskik, sekere inligting te bekom. Vir dié doel is 'n kort vraelys gedurende Januarie 1965 aan die skole gestuur om die volgende inligting te bekom:

- (i) Naam en adres van skool
- (ii) Stasie waarheen toetsmateriaal gestuur moet word
- (iii) Getal leerlinge in st.6
- (iv) Medium van onderrig
- (v) Onderwysdepartement waaronder skool ressorteer
- (vi) Soort skool byvoorbeeld provinsiale-, kerk- of privaatskool
- (vii) Getal st.6-klasse wat die skool het
- (viii) Getal leerlinge wat die toetse in Engels of Afrikaans sal beantwoord
- (ix) Getal Duitssprekende leerlinge in st.6
- (x) Of die skool oor 'n lokaal beskik wat groot genoeg is om al die st.6-leerlinge gelyktydig te toets
- (xi) Of die skool oor 'n sielkundige, onderwyser-voorligter of bekwame onderwyser beskik wat met die toepassing van die toetse kan help.

Alhoewel die reaksie van skole op bogenoemde vraelys besonder goed was sodat die meeste vraelyste teen die einde van Maart 1965 weer terug ontvang was, was daar tog enkele skole wat versuim het om die vraelys te beantwoord of vroeë nie volledig beantwoord het nie. 'n Versuim om die korrekte aantal st.6-leerlinge te verstrek, het veral probleme gelewer en het tot gevolg gehad dat sommige skole nie genoeg toetsmateriaal ontvang het nie. Addisionele toetsmateriaal moes in 'n later stadium aan hierdie skole gestuur word en dit het tot 'n mate die gladde verloop van die toetsprogram by hierdie skole ortwrig of die afhandeling van die program vertraag.

Op grond van die inligting wat met hierdie vraelys verkry is, kon begin word met die organisasie vir die versending van die toetsmateriaal aangesien feitlike gegewens insake die omvang van die toetsprogram beskikbaar was, dit wil sê hoeveel leerlinge en skole by die ondersoek betrek sou word.

#### (b) Reklame

Om die skakeling wat met skole by wyse van bogenoemde vraelys verkry is, te behou en op te volg, is twee inligtingstukke, naamlik 'n nuusbrief en 'n verkorte verslag insake die beplanning van die 1965-toetsprogram opgestel.

(i) Die nuusbrief het 'n kort samevatting van wat met die 1965-toetsprogram beoog word, gegee, asook die doelstellinge van Talentopname en is hoofsaaklik vir reklamedoelendes opgestel. Gedurende 1965 is 6000 kopieë van die nuusbrief aan die Pers, SAUK, skole, opvoedkundige inrigtings (plaaslik en oorsee) en individue versend.

(ii) Die verkorte verslag insake die beplanning van Talentopname het 'n beknopte maar tog volledige beskrywing van die 1965-toetsprogram en die doelstellinge van Talentopname gegee. Hierdie verslag is hoofsaaklik aan die skole, wat by die 1965-program betrek sou word, gestuur. Op grond van hierdie inligtingstuk het skole geweet watter eise en verpligtinge die ondersoek op hulle sou lê.

#### (iii) Omsendbrief van onderwysdepartemente

Afgesien van bogenoemde twee inligtingstukke wat van die destydse Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing na skole uitgegaan het, is 'n finale skakeling met die skole verkry deur middel van 'n omsendbrief wat die onderwysdepartemente, in medewerking met bogenoemde Buro, aan hulle skole gestuur het. In hierdie omsendbrief is Talentopname en die 1965-toetsprogram van die kant van die onderwysdepartemente aan hulle skole bekend gestel en is daarop gewys dat die ondersoek die volle samewerking en ondersteuning van die onderwysdepartemente geniet en dat skole verplig is om aan die ondersoek deel te neem en ook hulle volle samewerking en steun aan die ondersoek moet gee.

Nadat bogenoemde inligtingstukke die skole bereik het en die skole gevolglik op hoogte van Talentopname en die 1965-program was, kon voortgegaan word met die finale voorbereidings naamlik die opleiding van toetsafnemers en die gereedmaking van die toetsmateriaal.

### 2.2.4 Opleiding van toetsafnemers

Die opleiding van toetsafnemers het opleiding in en bekendstelling van die totale organisasie vir die wetenskaplike en doeltreffende toepassing van die toetse behels, sodat by elke skool die organisasie en toestande so aanlig sou wees dat elke leerling die ge-

leentheid sou hê om die toetse onder ideale omstandighede, of so na as moontlik daaraan, af te lê en dit het die volgende drie hoofaspekte geïmpliseer, naamlik:

(a) Lokaal en meublement

Elke leerling moes 'n behoorlike sit- en skryfplek hê en die lokaal waar die toetsing, sou plaasvind, moes voorsiening maak vir voldoende lig en lug en vryheid van steurnisse van buite of van binne die lokaal.

(b) Toetsmateriaal

Elke leerling moes te alle tye die korrekte toetsmateriaal voor hom hê, dit wil sê elke stuk materiaal moes op die regte tydstip uitgedeel en ingeneem word.

(c) Toetsafnemers

Die toetsafnemers moes ervare persone wees of minstens deeglik opgelei wees. Die leerlinge moes behoorlik gemotiveer word en moes die korrekte aanwysings en opdragte ontvang.

Om die wetenskaplike korrektheid van toetsgegevens te waarborg, word ideale toetsomstandighede soos hierbo genoem, vereis. Vanweë die groot omvang van die ondersoek was dit nie prakties moontlik om die toepassing van die toetse alleenlik deur opgeleide sielkundiges te laat geskied nie. Daar was nie genoeg opgeleide personeel beskikbaar om die toepassing van die toetse gelyktydig by al die skole wat by die ondersoek betrek is, te behartig nie en om 'n span opgeleide toetsafnemers van skool tot skool te stuur, sou die toetsprogram onnodig lank vertraag. Om praktiese redes was dit nodig dat die hele toetsprogram in al die skole gedurende die derde kwartaal van 1965 afgehandel sou word. Die gebrek aan voldoende opgeleide personeel moes deur opleiding oorkom word sodat elke skool minstens een persoon sou hê wat ten volle op hoogte was insake die prosedure met die toepassing van die toetse. Hierdie persone sou alleenlik verantwoordelik wees vir die toepassing van die toetse. Hulle was nie verantwoordelik vir die nasien van die toetse en die interpretasie van die toetsresultate nie.

Die opleiding van die persone wat die toetse sou toepas, is deur die Afdeling Sielkundige en Voorligtingsdienste van elke onderwysdepartement behartig. Die verenigings van kerk- en private skole beskik nie oor sodanige afdelings nie, sodat die opleiding van toetsafnemers by laasgenoemde skole ook behartig is deur die Afdeling Sielkundige en Voorligtingsdienste van die provinsie waarin die skole geleë is. Deur middel van bogenoemde prosedure is voorsiening gemaak vir die opleiding van ten minste een toetsafnemer by elke skool wat dan in volle beheer van die toetsprogram by sy skool was.

## 2.2.5 Die handleiding

Die opleiding van die toetsafnemers het aan die hand van 'n handleiding geskied wat onder andere die volgende aspekte behels het:

(a) Lokaal of lokale

'n Volledige uiteensetting is gegee van die vereistes waaraan die toetslokale moes voldoen en watter stappe geneem moes word om die beskikbare lokale sover as moontlik te laat beantwoord aan die vereistes soos in paragraaf 2.2.4(a) genoem. Daar moes onder andere 'n potloodskerpmaker(s) en 'n swartbord en kryt vir demonstrasiedoeleindes beskikbaar wees. Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge moes in afsonderlike lokale getoets word aangesien die toetsaanwysings in die moedertaal gegee is.

(b) Toetsmateriaal

Die hele aangeleentheid rakende die toetsmateriaal is volledig uiteengesit, onder andere die wyse waarop toetsmateriaal versend sou word en die kontroles wat uitgeoefen sou word om te verseker dat elke skool genoeg materiaal ontvang. Die stappe wat skole moes doen met die ontvangs, versending, veilige berging en hantering van die toetsmateriaal, is ook genoem.

(c) Toetsafnemers

Die funksies en optrede van die toetsafnemers is beskryf asook die materiaal en benodigdhede wat in hulle onmiddellike bereik moes wees vir die doeltreffende toepassing van die toetse. Elke skool moes 'n hooftoetsafnemer hê. Dit was die persoon wat deur middel van opleiding met al die aspekte van die toetsprogram op hoogte gestel was en verantwoordelik sou wees vir die korrekte uitvoering daarvan. Dit was ook die persoon wat moes toesien dat die ideale omstandighede vir die toepassing van die toetse sover as moontlik geskep word. Waar toetsing in meer as een lokaal sou plaasvind, moes die hooftoetsafnemer toesien dat die ander toetsafnemers en helpers ook ten volle met al die aspekte van die toetsprogram vertrou is. Waar leerlinge in groot lokale getoets is, moes daar vir elke 30 tot 40 leerlinge 'n helper wees. Die helpers se funksies was die volgende:

(i) Behulpzaam wees met die uitdeel en opneem van die toetsmateriaal;

(ii) tussen die leerlinge rondbeweeg en toesien dat elke leerling weet wat om te doen;

(iii) aandag skenk aan 'n leerling se behoeftes of probleme wanneer hy/sy hand opsteek;

(iv) behulpzaam wees met die handhawing van orde en dissipline;

- (v) toesien dat toetsinstruksies noukeurig nagevolg word byvoorbeeld "Moenie omblaai nie", "Hou op", ensovoorts en
- (vi) toesien dat die leerlinge hulle identifiserende gegewens korrek op die antwoord=blaai invul.

(d) Algemeen

Onder hierdie hoof is die ondersoekgroep, dit wil sê watter leerlinge aan die ondersoek sou deelneem en watter leerlinge uitgesluit sou word, beskryf. Die datums waarop die onderskeie provinsies se skole met die toetsing sou begin, is verstrekkend asook die toetsrooster. Die toetsrooster was soos volg:

Eerste dag	: Biografiese Vraelys Junior Aanlegtoetse Algemene Wetenskaptoets
Tweede dag	: Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets Geschiedenistoets Aanpassingsvraelys
Derde dag	: Algemene Toetse in Taal en Rekenkunde Jr. Sr. Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys
Vierde dag	: Tegnieiese Toetse Spellingtoetse GSZ-Belangstellingsvraelys
Vyfde dag	: Handelstoetse Aardrykskundetoets

Die onderwysersvraelys is gedurende die toetsweek deur die st.6-klasonderwysers ingevul.

(e) Prosedure

Die algemene prosedure en beginsels insake die toepassing van sielkundige toetse en die beantwoording van antwoordblaai is volledig uiteengesit en aanwysings is gegee hoe om die identiteitskaartjies te gebruik. Om die leerlinge se antwoordblaai maklik te identifiseer, is daar vir elke leerling 'n kaartjie (6" x 4") gebruik waarop 'n sessyfer=nommer verskyn het. Nadat 'n leerling sy van en voorletters op die kaartjie geskryf het, was die nommer wat daarop verskyn het, die leerling se identiteitsnommer vir die hele duur van die toetsprogram en hierdie nommer het die leerling op al sy antwoordblaai aangebring. Die sessyfernommer identifiseer die leerling sowel as sy skool en die provinsie waarin sy skool geleë is.

(f) Toetsinstruksies

Die volledige aanwysings vir elke toets is gegee asook 'n beskrywing van die regte materiaal (toetsboekie en antwoordblad) en ander bykomstighede (potlood, uitveër en uitwerk=papier) wat elke leerling vir die doeltreffende beantwoording van 'n toets sou benodig.

Bogenoemde handleiding tesame met voorbeelde van toetse en antwoordblaai is vir die doel van opleiding aan elke onderwysdepartement se Afdeling Sielkundige en Voorligtings=dienste gestuur. Die handleidings is verder aan elke skool gestuur ooreenkomstig die getal toetsafnemers wat die toetse sou toepas. Die opleiding van toetsafnemers het geskied ooreenkomstig die omstandighede van elke provinsie inagnemende die verspreiding van skole, die tyd beskikbaar vir opleiding voordat die toetsprogram 'n aanvang sou neem en die aantal personeellede van die Afdeling Sielkundige en Voorligtingsdienste.

In sommige provinsies is die opleiding behartig deur die byeenkoms van toetsafnemers by 'n sentrale plek sodat die opleiding in groepvorm geskied het. In ander gevalle het die personeel van die Afdeling Sielkundige en Voorligtingsdienste van skool tot skool gegaan en het die opleiding op 'n meer individuele basis geskied. Op hierdie wyse is verseker dat elke skool se toetsafnemer ten volle op hoogte gebring is insake alle aspekte van die toetsprogram om te voorsien in die wetenskaplike en doeltreffende toepassing van die toetse.

## 2.2.6 Voorbereiding en versending van toetsmateriaal

Die voorbereiding en versending van die toetsmateriaal aan skole was die laaste stap wat nodig was voordat die toetsprogram 'n aanvang kon neem en dit het die volgende ingesluit:

(a) Bestelling van toetsmateriaal

Nadat finaal besluit is watter toetse en vraelyste in die 1965-toetsprogram gebruik sou word en feitlike gegewens van skole verkry is insake die getal leerlinge wat in die ondersoek betrek sou word, is die nodige bestellings vir die druk van die toetse en vraelyste geplaas en die afleweringdatum vir 1 Junie 1965 gestel.

(b) Kontrolevorm vir die versending van toetsmateriaal

Vir die suksesvolle deelname aan die 1965-toetsprogram het elke leerling dertig items toetsmateriaal benodig. Indien in aanmerking geneem word dat sommige skole beide Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge het en dat sommige toetsboekies eentalig is, dit wil sê verskillende toetsboekies word vir Engels- en Afrikaanssprekende leerlinge benodig, word 'n idee verkry van die organisasie wat nodig was om te verseker dat elkeen van die ongeveer 70,000 leerlinge die korrekte hoeveelheid toetsmateriaal ontvang het om suksesvol aan die ondersoek te kon deelneem.

Om te verseker dat die korrekte hoeveelheid toetsmateriaal aan elke skool versend word, is van 'n kontrolevorm gebruik gemaak. Die hoeveelheid toetsmateriaal wat elke skool sou benodig, is hierop ingevul en die verpakking daarvan per skool is vervolgens gedoen ooreenkomstig die getalle wat op die kontrolevorm verskyn het.

(c) Gereedmaking en versending van Toetsmateriaal

Aangesien die hoeveelheid toetsmateriaal wat aan skole versend moes word, van skool tot skool verskil het, sou die aftel van materiaal om in elke skool se behoeftes te voorsien baie tyd in beslag neem. Om die aftelling van materiaal en gevolglik die proses van verpakking te bespoedig, is al die materiaal voor die tyd in pakkies van 25 eenhede opgemaak en hierna is al die materiaal ordelik volgens soort in 'n spesiale lokaal gestoor waar die verpakking en versending van die materiaal sou plaasvind. Die voordeel daarvan om die materiaal in pakkies van 25 te hê, was dat in plaas van om byvoorbeeld 100 stukke materiaal te hanteer en af te tel dit net nodig was om 4 stukke te hanteer en af te tel. So doende kon die verpakking van die toetsmateriaal baie vinniger geskied as wat andersins die geval sou gewees het en die kans om foute te maak met die aftelling van die materiaal, was ook minder.

Soos reeds genoem, is die 1965-toetsprogram in twee fases afgehandel en die toetsmateriaal is versend om skole minstens 'n week voor die aanvang van die toetsprogram te bereik. Dit sou skole genoeg tyd gee om die materiaal na ontvangs te tel en in die geval van te kort addisionele materiaal te bestel.

(d) Toetsdatums

Die toetsdatums van die verskeie onderwysdepartemente en die verenigings van kerk- en private skole was soos volg:

<u>Onderwysdepartemente</u>	<u>Tydperk van toetsing</u>
Suidwes-Afrika	19 tot 23 Julie
Transvaal	2 tot 6 Augustus
Kaapland, Natal en die Oranje-Vrystaat	13 tot 17 September
 <u>Kerk- en private skole</u>	
Suidwes-Afrika	19 tot 23 Julie
Transvaal	2 tot 6 Augustus
Kaapland, Natal en die Oranje-Vrystaat	30 Augustus tot 3 September

Die skole van die Departement van Hoër Onderwys het die toetsdatums gevolg van die provinsies waarin hulle geleë is.

Bogenoemde toetsdatums is bepaal met inagneming van die vakansietye van die onderskeie onderwysinstansies sodat die toetsprogram gedurende die derde kwartaal afgehandel is op 'n tyd wat nie met die skole se vakansies sou bots nie.

Die eerste toetsmateriaal aan skole is uitgestuur op 8 Julie 1965 en die laaste materiaal nadat die toetsprogram afgehandel is, is op 27 September 1965 terug ontvang.

## HOOFSTUK 3

### DIE TOEPASSING VAN DIE TOETSE EN DIE OMSTANDIGHEDE WAARONDER DIT PLAASGEVIND HET

In hierdie hoofstuk word 'n beskrywing gegee van die toetsprosedure waarvolgens die toetse by elke skool toegepas is asook die omstandighede waaronder dit gedoen is.

#### 3.1 TOETSPROSEDURE

Die handleiding wat aan elke skool beskikbaar gestel is, het 'n volledige beskrywing gegee van die prosedure wat by die toepassing van elke toets of vraelys gevolg moes word asook ander organisatoriese stappe wat tydens die toetsprogram gedoen moes word met die doel om die toetssituasie by al die skole so eenvormig moontlik te verkry. Die prosedures, soos dit in die handleiding beskryf is, was kortliks soos volg:

Die lokaal/lokale waar die toetsing sou plaasvind, moes voor die tyd in gereedheid gebring word sodat daar op die eerste dag van toetsing geen vertraging sou wees nie en die toetsprogram onmiddellik 'n aanvang kon neem. Elke leerling moes reeds die vorige Vrydag opdragte ontvang ten opsigte van waar hy hom Maandag moes aanmeld, waar sy sitplek sou wees, ensovoorts.

Op die eerste dag van toetsing het die leerlinge dus die toetslokaal binnegegaan en hulle plekke ingeneem. Hierna het die skoolhoof die leerlinge toegesprek met die oog daarop om hulle op hulle gemak te stel en hulle te motiveer om hulle beste te lewer. Die praatjie het kortliks die volgende hoofpunte behels:

- (a) Waarom 'n ondersoek soos hierdie vir die Republiek van Suid-Afrika noodsaaklik is;
- (b) die waarde van die ondersoek vir die land, die onderwys en die leerlinge self;
- (c) die leerlinge is versoek om hulle beste prestasie te lewer en gedurende die toetsweek nie onnodig afwesig te wees nie.

Hierna het die hooftoetsafnemer oorgeneem en het die toetsprogram 'n aanvang geneem. Eerstens is die identiteitskaartjies in numeriese volgorde uitgedeel en elke leerling het sy van, voorletters en die naam van sy skool op die kaartjie ingevul. Hierna was die nommer wat op die kaartjie verskyn het die leerling se identiteitsnommer vir die res van die toetsprogram en hierdie nommer is op al die leerling se antwoordblaaie aangebring. Nadat die identiteitskaartjie ingevul is, is die Biografiese Vraelyste uitgedeel vir beantwoording. Elke leerling wat aan die 1965-toetsprogram deelgeneem het, moes die Biografiese Vraelys invul aangesien volledige agtergrondsgewens van elke leerling met behulp van hierdie vraelys verkry is. Indien 'n leerling dus op die eerste dag van toetsing, toe die Biografiese Vraelys beantwoord is, afwesig was maar tog op 'n later datum gedurende die toetsweek aan die program deelgeneem het, moes hy nogtans 'n Biografiese Vraelys invul. Hierdie prosedure is net met die Biografiese Vraelys gevolg en het nie vir die ander toetse gegeld nie, dit wil sê indien 'n leerling weens 'n dag se afwesigheid sekere toetse nie gedoen het nie, is daardie toetse nie by 'n latere geleentheid op die leerling toegepas nie.

Voordat 'n toets 'n aanvang geneem het, moes die toetsafnemer toesien dat elke leerling al die nodige toetsmateriaal het, dat leerlinge weet hoe om hulle responsies op die antwoordblad aan te bring en dat identifiserende gegewens op die antwoordblad ingevul word. Hierna het die toetsafnemer die toetsaanwysings hardop aan die leerlinge voorgelees en die toetstyd verstrek waarna die toets 'n aanvang geneem het. Bogenoemde prosedure is vir elke toets gevolg. In die geval van die Biografiese Vraelys is elke vraag hardop aan die leerlinge voorgelees waarna hulle dit beantwoord het. Hierdie prosedure is gevolg om te verhoed dat leerlinge vroeë oorslaan. In die geval van die persoonlikheids- en belangstelligsvraelyste was leerlinge toegelaat om vroeë te stel indien hulle die betekenis van byvoorbeeld 'n woord in 'n vraag nie goed verstaan het nie. In die geval van die verstand-, aanleg- en skolastiese toetse is vroeë nie toegelaat nadat die toets 'n aanvang geneem het nie.

Bogenoemde prosedure is deurgaans by al die skole gevolg en het tot gevolg gehad dat die toetssituasie by al die skole so eenvormig as wat prakties moontlik is, was.

#### 3.2 OMSTANDIGHEDE WAARONDER DIE TOETSE TOEGEPAS IS

Om die omstandighede waaronder die toetse by elke skool toegepas is, te bepaal, is geslyktydig met die versending van toetsmateriaal aan skole 'n vraelys aan elke skoolhoof gestuur om navraag te doen insake die omstandighede waaronder die toetsprogram by elke skool verloop het (kyk par. 2.1.4,(f)). Die vraelys het die volgende vrae bevat:

- (a) Is die toetsafnemer(s) aan u skool opgelei om sielkundige toetse toe te pas?
- (b) Indien die toetsafnemer(s) nie opgelei is nie, was hy/sy in staat om die toetsprogram te hanteer na bestudering van die handleiding?
- (c) Is daar by die toepassing van elke toets streng volgens die aanwysings, soos in die handleiding uiteengesit, opgetree?
- (d) Indien daar van die handleiding afgewyk is, waar en in hoeverre is daar afgewyk? (Verwys na die betrokke paragrawe in die handleiding.)  
Rapporteer net oor sodanige afwykings wat na u mening die prestasies van die leerlinge waarskynlik beïnvloed het.
- (e) Indien leerlinge aan u skool nie hulle optimale prestasie in enige van ondergenoemde toetse kon lewer nie, watter redes sou u daarvoor kon aanvoer?
  - (i) Junior Aanlegtoetse
  - (ii) Wetenskaptoets
  - (iii) Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets
  - (iv) Geskiedenisstoets
  - (v) Algemene Toetse in Taal en Rekenkunde
  - (vi) Tegniese Toetse
  - (vii) Spellingtoetse
  - (viii) Handelstoetse
  - (ix) Aardrykskundetoets

Die omstandighede waaronder die 1965-toetsprogram by die verskillende skole verloop het, word bespreek aan die hand van die inligting deur bogenoemde vraelys verkry. Die kommentaar van skole, volgens bogenoemde vraelys, word vir besprekingsdoeleindes saamgevat en onder verskillende hoofde ingedeel. Hierdie prosedure word gevolg aangesien 'n bespreking van elke individuele skool se kommentaar die verslag te luywig sou maak. Die inligting van skole ten opsigte van die omstandighede waaronder die toetsprogram verloop het, is belangrik aangesien dit 'n evaluering van die resultate met die oog op navorsingsdoeleindes moontlik maak.

### 3.2.1 Agtergrond en algemene kommentaar

#### (a) Agtergrond

Die 1965-toetsprogram het 'n totaal van 832 skole in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika betrek en 70,285 st.6-leerlinge is getoets (kyk bylaag tot hierdie verslag vir die volledige naamlys van skole). Een skool het per abuis nie aan die toetsprogram deelgeneem nie aangesien 'n foutiewe aflewering van die toetsmateriaal tot gevolg gehad het dat die materiaal die skool nie betyds bereik het nie terwyl twee skole se antwoordblaaie by terugsending verlore geraak het. Uit die totaal van 70,285 leerlinge wat getoets is, is 69,908 leerlinge of 99.5 persent se antwoordblaaie dus terug ontvang. Aangesien alle moontlike stappe gedoen is om te verseker dat alle skole wat oor st.6-leerlinge beskik, by die 1965-toetsprogram betrek word, kan die 69,908 leerlinge van wie gegewens beskikbaar is vir alle praktiese doeleindes as die universum van 1965 se st.6-leerlinge in gewone skole beskou word. Soos reeds genoem, was die enigste leerlinge wat by die 1965-toetsprogram uitgesluit was, subnormale leerlinge in spesiale klasse of skole en leerlinge verbonde aan nywerheids-, verbeterings- en ander spesiale skole aangesien daar gemeen is dat hierdie leerlinge om spesifieke redes reeds van die universum geskei is.

Die verdeling van skole, volgens beheer, wat aan die 1965-toetsprogram deelgeneem het, was soos volg:

Verdeling van skole volgens beheer in 1965	Getal skole	Getal leerlinge
Onderwysdepartement van Transvaal	161	30457
Onderwysdepartement van Kaapland	268	17102
Onderwysdepartement van O.V.S.	88	5344
Onderwysdepartement van Natal	85	6268
Onderwysdepartement van S.W.A.	14	1161
Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap	43	3860
Verenigings van kerk- en privaat skole	173	5093
<b>TOTAAL</b>	<b>832</b>	<b>70285</b>

#### (b) Algemene kommentaar

Die algemene kommentaar van skole dui daarop dat die omstandighede waaronder die toetsprogram verloop het, deurgaans gunstig was. Die leerlinge was goed gemotiveerd en hulle het met belangstelling en geesdrif aan die program deelgeneem. Van die kant van skoolhoof-

de word daar met lof en waardering van die ondersoek melding gemaak. Een skoolhoof stel dit soos volg: "Pupils enjoyed most of the work. We are grateful for the opportunity to the pupils to try their skill at a test such as this, and we feel that the time expended will prove most beneficial to them. We wish the survey the success it deserves". 'n Ander skoolhoof maak melding van die belangstelling wat daar veral van die kant van ouers ten opsigte van die ondersoek was en wys verder daarop dat die ondersoek volgens sy mening tot gevolg gehad het dat leerlinge vir die eerste keer in hulle lewe werklik ernstig aan hulle toekoms begin dink het. 'n Derde se kommentaar is soos volg: "Leerlinge was geïnteresseerd en die samewerking was baie goed. Hulle was selfs entoesiasies. Baie dankie vir u diens aan die onderwys en die opvoeding".

Dit wil dus voorkom asof skoolhoofde en toetsafnemers se positiewe benadering tot die ondersoek 'n groot bydrae gelewer het tot die leerlinge se gesindheid en die atmosfeer waarin die toetsprogram verloop het, met die gevolg dat die leerlinge oor die algemeen goed gemotiveer was om hulle optimale prestasies te lewer.

### 3.2.2 Die opleiding van toetsafnemers

Die eerste twee vrae van die vraelys aan skoolhoofde gaan in besonder oor die opleiding van toetsafnemers. Volgens die kommentaar van skoolhoofde op hierdie twee vrae kan die gevolgtrekking gemaak word dat die toetsafnemers by skole deurgaans in staat was om die toetsprogram doeltreffend te hanteer. Daar word veral met gunstige kommentaar verwys na die deeglike opleiding wat toetsafnemers deur bemiddeling van die Afdeling Sielkundige en Voorligtingsdienste van die onderskeie onderwysdepartemente ontvang het asook die gedetailleerde handleiding waarin die toetsprosedures op so 'n bekwame wyse uiteengesit is. Een skoolhoof se kommentaar in dié verband is soos volg: "The Council is to be congratulated on the compilation of the manual with its detailed instructions. Everything went well and the manual was an excellent guide".

Enkele skoolhoofde was van mening dat die opleiding van toetsafnemers vir die doel van die toetsprogram nie eers nodig was nie aangesien die handleiding meer as voldoende was.

### 3.2.3 Afwykinge van die toetsprogram

Skoolhoofde rapporteer dat daar deurgaans streng by die toetsrooster vir die verskillende dae gehou is en dat die aanwysings soos in die handleiding uiteengesit streng nagekom is. Enkele skole het egter, vanweë hul besondere omstandighede, dit nodig gevind om die toepassing van 'n toets na 'n volgende dag te verskuif. Sulke verskuiwings het egter geen invloed op die leerlinge se prestasies gehad nie aangesien die toepassing van die toets nogtans streng volgens die aanwysings geskied het.

### 3.2.4 Omstandighede of faktore wat leerlinge se prestasies moontlik nadelig kon beïnvloed het

#### (a) Taalprobleme

Die toetse en vraelyste wat in Talentopname gebruik is, is almal tweetalig (met die uitsondering van die taaltoetse), dit wil sê beide Afrikaans- en Engelssprekendes kan daarmee getoets word. Die enigste uitsondering is in die geval van die NSAG waar een vorm van die toets ook vir Duitssprekende leerlinge opgestel is. Hierdie vorm van die NSAG is vir Duitssprekende leerlinge in Suidwes-Afrika gebruik.

Kommentaar ten opsigte van taalprobleme is ontvang van skole in Suidwes-Afrika en kerk- en privaatskole met immigrantekinders van wie sommige nog 'n baie swak kennis van die twee amptelike landstale het. By skole in Suidwes-Afrika, het Duitssprekende leerlinge wat tot st. 5 al hulle vakke in Duits neem, taalprobleme ondervind met die vrae van die persoonlikheids-, aanpassings- en belangstellingsvraelyste en kon hulle die vrae nie altyd baie goed verstaan nie. Die toetsafnemers het in sulke gevalle die vrae in Duits aan die leerlinge verduidelik aangesien dit volgens die handleiding toelaatbaar was. In die geval van die skolastiese en aanlegtoetse was leerlinge nie toegelaat om vrae te vra nie en dit is moontlik dat hierdie leerlinge se onvermoë om 'n vraag duidelik te verstaan hulle prestasies in hierdie toetse nadelig kon beïnvloed het.

Duitssprekende leerlinge in Suidwes-Afrika en immigrantekinders by wie daar die moontlikheid van 'n swak kennis van die twee amptelike landstale bestaan, se resultate sal dus met groot versigtigheid gebruik moet word. Daar moet egter gemeld word dat slegs ongeveer 2.7 persent van die leerlinge moontlik deur bogenoemde benadeel is sodat die Talentopnameresultate oor die algemeen op geen praktiese wyse daardeur beïnvloed is nie.

#### (b) Lokale

Die meeste skole het hulle st.6-leerlinge in een lokaal getoets. Slegs by enkele



skole is leerlinge in meer as een lokaal getoets vanweë die feit dat daar twee taalgroepe was en toetsing in twee lokale dus wenslik was aangesien die aanwysings vir die toetse in die leerling se moedertaal gegee moes word. In die geval van kleiner skole en waar die getal st.6-leerlinge nie te groot was nie, het skole nie noemenswaardige probleme met die toetsing van hulle leerlinge ondervind nie. Van die 832 skole wat aan die toetsprogram deelgeneem het, het 675 skole of ongeveer 80 persent 'n st.6-leerlingtal van 150 of minder gehad en hierdie getal leerlinge kon met gemak in 'n enkele groot lokaal soos byvoorbeeld 'n skoolsaal getoets word. Die toetsing van kleiner groepe leerlinge het die voordeel dat dit gouer geneem het om die toetsmateriaal aan die leerlinge uit te deel en die leerlinge kon gevolglik gouer met die toetse begin.

Slegs 13 van die skole wat in 1965 aan die toetsprogram deelgeneem het, het 300 of meer st.6-leerlinge gehad en hierdie groot skole is hoofsaaklik Transvaalse skole. In die geval van een Transvaalse skool moes selfs 'n stadsaal gebruik word om al die st.6-leerlinge gelyktydig te toets.

Volgens bogenoemde gegewens asook die kommentaar van skoolhoofde kan dus afgelei word dat toetslokale nie 'n faktor was wat leerlinge se prestasies nadelig beïnvloed het nie.

(c) Klimaatsomstandighede

Enkele skole het melding gemaak van 'n paar abnormale warm dae gedurende die toetsweek, maar volgens die beskikbare gegewens kan afgelei word dat leerlinge se prestasies nie nadelig deur klimaatsomstandighede beïnvloed is nie.

(d) Vermoeidheid

Die verspreiding van die 1965-toetsprogram oor 'n periode van vyf skooldae asook die beplanning van die daaglikse toetsrooster, was daarop ingestel om die vermoeidheid wat met so 'n lang toetsprogram mag intree, tot 'n minimum te beperk. Nieteenstaande die algemene kommentaar van skoolhoofde dat hulle leerlinge met geesdrif en belangstelling aan die toetsprogram deelgeneem het, is daar enkele skole wat gemeld het dat daar teen die einde van die toetsweek tekens van vermoeidheid by die leerlinge aanwesig was.

Die gevolgtrekking wat gemaak word, is dat indien vermoeidheid tot so 'n mate ingetree het dat dit leerlinge se prestasies nadelig beïnvloed het, so 'n nadelige uitwerking by al die leerlinge in 'n mindere of meerdere mate aanwesig was en gevolglik nie 'n eensydige beïnvloeding van die resultate tot gevolg gehad het nie.

### 3.2.5 Afwesigheid van leerlinge

Enkele skoolhoofde het gerapporteer dat afwesigheid van leerlinge gedurende die toetsweek minder as gewoonlik voorgekom het. Dit kan voorsien word dat 'n belangrike en landswyse navorsingsprojek soos Talentopname, vanweë die doeltreffende reklame wat daaraan gegee is met verwysing na die belangrikheid daarvan vir die land, die onderwys en die leerlinge self, die leerlinge se belangstelling sou geprikkel het soos bogenoemde kommentaar ook aandui. Op grond van die totale getal leerlinge wat die verskillende toetse afgelê het, is bereken dat daar 'n 2 tot 3 persent afwesigheid van leerlinge gedurende die toetsweek was en hierdie syfers kan as normaal beskou word.

### 3.2.6 Samevatting

Die organisasie van die 1965-toetsprogram was daarop ingestel om, sover dit prakties moontlik was, ideale toetsomstandighede te skep sodat elke leerling wat daaraan deelgeneem het, in staat was om sy/haar maksimale prestasie te lewer. Volgens die beskrywing van die toetsomstandighede kan afgelei word dat nieteenstaande die omvangrykheid van die program (70,285 leerlinge in 832 skole) en danksy die goeie samewerking van onderwysers, skoolhoofde en beamptes van die verskillende onderwysinstansies, daarin geslaag is om met min uitsondering ideale toetsomstandighede daar te stel. Die ingesamelde gegewens kan dus in die lig van bogenoemde met vertroue vir navorsingsdoeleindes gebruik word.

## HOOFSTUK 4

### DIE NASIEN VAN ANTWOORDBLAAIE EN DIE RAPPORTERING VAN RESULTATE AAN SKOLE EN ONDERWYSDEPARTEMENTE

In hierdie hoofstuk word die nasienprosedure van die antwoordblaaie beskryf en die prosedure wat gevolg is om elke individuele leerling se resultate aan skole en onderwysdepartemente te rapporteer.

#### 4.1 ONTVANGS VAN TOETSMATERIAAL

Nadat die 1965-toetsprogram op 3 September 1965 by die skole ten einde geloop het, is die toetsmateriaal en antwoordblaaie aan die Raad teruggestuur waar die laaste materiaal op 27 September 1965 terug ontvang is. Oor die algemeen is die toetsmateriaal in 'n goeie toestand van skole ontvang, wat daarop dui dat skole moeite gedoen het om die materiaal ordelik en netjies te verpak. Die antwoordblaaie veral was baie netjies en deeglik verpak.

Nadat die toetsmateriaal van skole terug ontvang, uitgepak, gekontroleer, gesorteer en ordelik weggepak was, het die volgende stadium van die werksaamhede, naamlik die nasien van die antwoordblaaie, 'n aanvang geneem.

#### 4.2 KONTROLERING EN NASIEN VAN VRAELYTE EN ANTWOORDBLAAIE

'n Belangrike doelstelling met die 1965-toetsprogram was om die resultate per individuele leerling aan skole en onderwysdepartemente vir die doel van wetenskaplike onderwys- en beroepsleiding beskikbaar te stel sodat die leerlinge die maksimum voordeel daarvan kon hê. Om bogenoemde rede was die hele organisasie insake die nasienwerk en die oordra van die gegewens op magnetiese band daarop ingestel om foute tot elke prys te vermy. Onder geen omstandighede is geredeneer dat 'n paar klein foutjies geen verskil in die resultate van ongeveer 70,000 leerlinge sou maak nie. Die metode en prosedure met die nasienwerk was daarop ingestel om met minstens 99.9 persent sekerheid te kan sê dat elke individuele leerling se resultate korrek gerapporteer sal word. Om bogenoemde te verwezenlik is geen moeite ontsien om die nasienwerk te kontroleer en te herkontroleer nie.

Die toetse vir Talentopname is sover moontlik op IBM-antwoordblaaie beantwoord, so dat dit moontlik was om dit met 'n 1230 IBM-optiese leser na te sien. Van die sestien antwoordblaaie wat met die 1965-toetsprogram gebruik is, is twaalf met die optiese leser nagesien terwyl die orige vier met behulp van nasiensleutels met die hand nagesien is.

Alvorens antwoordblaaie deur die optiese leser nagesien is, moes sekere voorbereidende werk daarop uitgevoer word. So byvoorbeeld moes die leerling se sessyferidentiteitsnommer gekodifiseer word en verder moes verseker word dat alle responsies op die antwoordblad duidelik genoeg is vir die optiese leser om dit te registreer.

Die nasien van vraelyste en antwoordblaaie het in 'n bepaalde volgorde geskied in ooreenstemming met die volgorde waarin die resultate aan skole en onderwysdepartemente beskikbaar gestel wou word (kyk par. 4.4). Die prosedure wat met elke antwoordblad en vraelys insake nasien en kontrolering gevolg is, is stap vir stap in 'n spesiale handleiding uiteengesit en hierdie handleiding is steeds aangevul na gelang nuwe probleme en foute opgeduik het. 'n Handleiding was nodig om te verseker dat elke beampte wat die antwoordblaaie hanteer, dieselfde prosedure volg. Die stappe wat met elke antwoordblad en vraelys gevolg is, alvorens die gegewens deur die 1230-optiese leser of per hand op ponskaarte oorgedra is, was die volgende:

(a) Die vraelyste, antwoordblaaie en identiteitskaartjies van elke skool is volgens die identiteitsnommers wat daarop verskyn, in numeriese volgorde gerangskik.

(b) Vraelyste en antwoordblaaie is met die identiteitskaartjies vergelyk om te verseker dat elke leerling se naam en identiteitsnommer korrek op al sy stukke aangebring het. Hierdie kontrole was baie belangrik aangesien al 'n leerling se gegewens vir die doel van verdere verwerkings alleenlik op grond van die identiteitsnommer geïdentifiseer word. Tweedens het hierdie kontrole ook 'n aanduiding gegee of al die antwoordblaaie en vraelyste van die leerlinge wat by 'n spesifieke skool aan die ondersoek deelgeneem het, ontvang is.

(c) Die identiteitsnommer op elke antwoordblad is hierna vir ponsdoeleindes gekodifiseer. Die korrekte identiteitsnommer van elke leerling verskyn dus op al twee-en-twintig ponskaarte wat nodig was om die gegewens van elke leerling op magnetiese band oor te dra.

(d) Vierdens is elke antwoordblad en vraelys vir volledigheid en die korrekte manier van beantwoording gekontroleer. In die geval van die Biografiese en Onderwysersvraelyste byvoorbeeld, moes elke vraag beantwoord gewees het. Elke vraelys is dus vraag vir vraag gekontroleer om na te gaan of elke vraag beantwoord is en of daar nie miskien twee antwoorde per vraag gegee is nie. Dit was veral moontlik in die geval van die Biografiese Vraelys waar beantwoording onder andere op 'n aparte antwoordblad geskied het. In die geval van onbeantwoorde vrae of foutiewe beantwoording, is die vraelyste weer aan skole te ruggestuur vir korrigerings.

Die Onderwysersvraelyste veral het baie probleme in dié verband gelewer. Dit is bereken dat ongeveer 60 persent van die vraelyste wat ontvang is, onvolledig beantwoord was. In sommige gevalle het skole gerapporteer dat dit nie moontlik is om volledige gegewens te verstrek nie, aangesien 'n leerling miskien 'n nuweling in die skool is met wie se omstandighede die klasonderwyser nog onbekend is en vir wie eksamenresultate, ensovoorts ontbreek. Alleenlik bogenoemde is as 'n geldige rede vir die onvolledige voltooiing van vraelyste aanvaar.

Kortom kom dit daarop neer dat wat die Biografiese en Onderwysersvraelyste betref, alle moontlike stappe gedoen is om die volledigheid van gegewens te verseker. In gevalle waar gegewens wel ontbreek, was dit net nie beskikbaar nie.

In die geval van die NSAG en ander toetse kon die antwoordblaaie nie vir volledigheid gekontroleer word nie aangesien leerlinge die reg het om vrae oor te slaan of moontlik nie daarin geslaag het om die toets te voltooi nie. Hierdie antwoordblaaie is dus alleenlik vir duidelike responsies gekontroleer. In die geval van onduidelike responsies is dit duideliker gemerk en alle moontlike voorsorgmaatreëls is getref om te verhoed dat addisionele responsies op die antwoordblaaie aangebring of dat bestaande responsies uitgevee word. In dié verband kan gemeld word dat responsies oor die algemeen netjies en duidelik op die antwoordblaaie aangebring is. Dit getuig van goeie aanwysings en toesighouding aan die kant van toetsafnemers.

#### 4.3 DIE OORDRA VAN GEGEWENS OP PONSKAARTE

Nadat bogenoemde kontroles afgehandel is, was die vraelyste en antwoordblaaie gereed vir die oordra van gegewens op ponskaarte. Die oordra van gegewens op ponskaarte is nodig aangesien die ponskaarte die medium is waardeur gegewens op die magnetiese band oorgedra word vir alle verdere verwerkings deur die rekenoutomaat. Antwoordblaaie wat deur die optiese leser nagesien is se gegewens word gelyktydig met die nasienproses op ponskaarte gepon. Enkele biografiese gegewens, gegewens van die Onderwysersvraelys en gegewens van antwoordblaaie wat met nasiensleutels per hand nagesien is, is per hand gepons.

Die nasien en ponsing van die optiese leser is nie sonder meer as korrek aanvaar nie. Daaglik is 'n steekproef antwoordblaaie wat deur die optiese leser nagesien is, met nasiensleutels ook per hand nagesien. Op hierdie wyse is moontlike foute deur die optiese leser opgespoor en kontroles ingevoer om sodanige foute uit te skakel. In die geval van handponswerk is elke ponskaart met die vraelys of antwoordblad vanwaar die gegewens gepons is, gekontroleer om moontlike ponsfoute uit te skakel.

'n Totaal van 1,537,976 ponskaarte is gebruik om die 69,908 leerlinge se gegewens op magnetiese band oor te dra. Nadat al die gegewens op magnetiese band aangebring is, is dit op 'n tweede band gedupliseer en hierdie tweede band word in veilige bewaring gehou in geval die eerste band moontlik beskadig sou raak.

#### 4.4 RAPPORTERING VAN RESULTATE AAN SKOLE EN ONDERWYSDEPARTEMENTE

Soos reeds genoem, was een van die doelstellinge met die 1965-toetsprogram om toetsresultate met die oog op onderwys- en beroepsleiding aan skole en onderwysdepartemente beskikbaar te stel.

Die resultate per individuele leerling is op 'n spesiale vorm, 'n Leerlingverslag genoem, aan skole beskikbaar gestel. Die volgende resultate is aan skole beskikbaar gestel:

(a) Leerlingverslag Nr. 1, wat die resultate in die vorm van staneges ten opsigte van die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets en die Algemene Toetse in Taal en Rekenkunde bevat het.

(b) Leerlingverslag Nr. 2, wat die resultate in die vorm van staneges ten opsigte van die Wetenskap-, Geskiedenis-, Aardrykskunde- en Spellingtoetse bevat het.

Saam met bogenoemde resultate ten opsigte van elke leerling wat getoets is, is 'n hand= leiding vir die interpretasie en gebruik van die gegewens beskikbaar gestel. Die doel met die handleiding was om voorligteronderwysers en ander persone in te lig oor die beste wyse waarop die toetsresultate tot voordeel van die betrokke leerlinge benut kon word. Benewens 'n bespreking van die faktore wat toetsresultate beïnvloed, 'n verduideliking van die soort skaalpunt wat gebruik is en 'n beknopte bespreking van die betroubaarheid en geldigheid van die betrokke toetse, is wenke aan die hand gedoen ten opsigte van advies oor die keuse van studie- en beroepsrigting van leerlinge. Daarby is 'n praktiese metode aanbeveel waarvolgens waarskynlike onderpresteerders geïdentifiseer kon word en voorstelle gedoen van wat met sodanige onderpresteerders gemaak moet word.

Die resultate ten opsigte van die persoonlikheids- en aanpassingsvraelyste asook dié van die verskillende aanlegtoetse, is aan die Sielkundige en Voorligtingsdienste van die onderwysdepartemente beskikbaar gestel. Beamptes van hierdie afdelings van die onderwys= departemente kon die toetsresultate tydens hul besoeke aan die verskillende skole gebruik.

HOOFSTUK 5  
DIE RESULTATE VAN 1965 SE STANDERD SES-LEERLINGE

Die 1965-toetsprogram het ten opsigte van elkeen van die 69,908 leerlinge wat deelgeneem het, 93 toetstellings en antwoorde op 79 vrae gelever, dit wil sê vir elke leerling is 'n prestasie ten opsigte van 172 veranderlikes verkry. In hierdie hoofstuk word die verdeling van die totale groep st.6-leerlinge, die st.6-universum genoem, se prestasies in die 172 veranderlikes weergegee en kortliks bespreek ten einde 'n algemene beeld van dié groep leerlinge ten opsigte van intellektuele vermoë, aanleg, persoonlikheid, aanpassing, belangstelling, skolastiese peil en agtergrond te verkry.

Die waarde van hierdie st.6-universumgewens lê daarin dat dit kan dien as kriterium of norm waarmee enige subgroep vir navorsingsdoeleindes vergelyk kan word. By die bestudering van intellektuele begaafdheid byvoorbeeld kan die aanpassing, belangstelling, persoonlikheid, skolastiese peil ensovoorts van intellektueel-begaafde st.6-leerlinge met dié van die st.6-universum vergelyk word. Verder kan die leerlinge van 'n skool of onderwysdepartement se gemiddeldes en standaardafwykings met dié van die universum vergelyk word indien skole en onderwysdepartemente in sodanige vergelykings geïnteresseerd sou wees. Die waarde van die leerlinge se biografiese en ander agtergrondsgewens, soos in hierdie hoofstuk gerapporteer, is dat dit onder andere kan dien as kriterium vir vergelykingsdoeleindes om te bepaal in watter mate die leerlinge se omstandighede gedurende hulle hoërskoolloopbaan moontlik verander of dieselfde bly. Sodanige vergelyking is moontlik aangesien dieselfde vrae van die Biografiese Vraelys wat in 1965 aan die st.6-leerlinge gestel is, weer in 1967 en 1969 aan die universum van st.8- en st.10-leerlinge gestel is, met die byvoeging van addisionele vrae en die wysiging van enkele vrae.

'n Verdere voordeel van hierdie gegewens met die oog op navorsing wat op toetstellings berus, is dat die skaalpunten vir meeste van die toetse wat in die 1965-toetsprogram gebruik is, bereken is op grond van die prestasies van die st.6-universum. Nieteenstaande norms vir al die toetse wat in 1965 gebruik is, beskikbaar was, is besluit om nuwe norms op grond van die prestasies van die st.6-universum te bereken aangesien dit die voordeel het dat die normgroep vir meeste van die toetse dan dieselfde sou wees. Hierdie situasie, naamlik dat dieselfde normgroep vir byna al die toetse gebruik is en dat al die skaalpunten in dieselfde eenhede (staneges) uitgedruk word, hou vir die navorsing wat met Talentopnamegewens uitgevoer word groot voordele in deurdat 'n leerling se prestasies op die verskillende meetinstrumente nou direk vergelykbaar is.

Die enigste toetse waar die bestaande norms behou is, is in die geval van die NSAG en die ATTR. In die geval van enkele toetse is afsonderlike norms vir die twee geslagsgroepe en die twee taalgroepe bereken.

By die interpretasie van toetstellings is dit noodsaaklik dat die gemiddelde, standaardafwyking, skeefheid en kurtose van die verdeling van die normgroep se tellings bekend sal wees. Dié gegewens word onder andere in hierdie hoofstuk aangebied. Ander gegewens, naamlik die frekwensieverdelings en die grafiese voorstelling daarvan is ter wille van ruimte nie in hierdie verslag opgeneem nie maar is op aanvraag beskikbaar.

'n Volledige beskrywing van die meetinstrumente wat in die 1965-toetsprogram gebruik is asook hulle betroubaarheid en metingsfout is reeds elders gegee (verslag MT 1, Verhoef en Roos, 1970) en word nie weer herhaal nie afgesien van 'n kort beskrywing van die meetinstrumente (kyk par. 2.1.4 van hierdie verslag).

Al die toetsresultate van Talentopname word in STANEGES (English: "STANINES") uitgedruk. Die stanegeskaal bestaan uit 9 standaardpunte en elke standaardpunt verteenwoordig die prestasie van 'n sekere deel van die normgroep soos hieronder aangedui:

Groep	Stanege	Simbool	Beskrywing
Swakste 4%	1	E	Baie swak
Volgende 7%	2	D	Swak
Volgende 12%	3		
Volgende 17%	4		
Middelste 20%	5	C	Gemiddeld
Volgende 17%	6	B	Goed
Volgende 12%	7		
Volgende 7%	8		
Beste 4%	9	A	Baie goed

In die geval van 'n normale verdeling is die gemiddelde gelyk aan 5 stanegees en die standaardafwyking gelyk aan 1,96 stanegees. Die gemiddelde en standaardafwyking kan egter varieer na gelang die skeefheid van die verdeling. Die verdeling van die st.6-universum as normgroep toon 'n skeefheid ten opsigte van sekere toetsveranderlikes. Dit is egter te betwyfel of 'n standerdgroep as normgroep soos die st.6-universum, 'n normale verdeling vir elkeen van so 'n groot getal toetsveranderlikes, soos wat in hierdie ondersoek gebruik is, kan gee. Die voordeel egter om dieselfde normgroep vir al die toetsveranderlikes te hê met die oog op vergelyking vir navorsingdoeleindes, oorskadu die nadeel van 'n skewe verspreiding ten opsigte van sekere toetsveranderlikes.

Die statistiek wat in hierdie verslag ten opsigte van elke toetsveranderlike gerapporteer word, is die volgende:

- (a) Die gemiddelde roupuntprestasie
- (b) Die gemiddelde stanegeprestasie
- (c) Die standaardafwyking in terme van roupunte
- (d) Die standaardafwyking in terme van stanegees
- (e) Skeefheid van die roupuntverdeling
- (f) Kurtose van die roupuntverdeling

In die geval van 'n normaalverdeling is die optimumwaardes van die skeefheidsindeks gelyk aan nul en dié van kurtose gelyk aan drie (Goulden, 1952).

Vir die doeleindes van hierdie verslag is die universum nie onderverdeel in taal- en/of geslagsgroepe nie. Alleenlik in die geval van enkele toetse, waar dit weens die aard van die toets nodig was, is taal en/of geslagsverdelings gedoen. Verdelings ten opsigte van taal en/of geslag sal met die oog op navorsing wel later gedoen word.

Die totale getal leerlinge van wie gegewens beskikbaar is, is 69,908. Daar sal egter opgemerk word dat die getal leerlinge van veranderlike tot veranderlike verskil vanweë die feit dat 'n leerling moontlik afwesig was op 'n dag toe 'n spesifieke toets gedoen is, of in die geval van die Onderwysersvraelys, gegewens oor 'n spesifieke leerling nie beskikbaar was nie. In die gevalle waar persentasies dus verstrek word, is dit gebaseer op die getal leerlinge van wie gegewens ten opsigte van die spesifieke veranderlike beskikbaar is.

#### 5.1 RESULTATE VAN DIE VERSTAND- EN AANLEGTOETSE

- (a) Die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets (NSAG) : Intermediêr G en Senior D

Die NSAG berus op ouderdomsnorms en in hierdie geval is die bestaande norms gebruik. Nuwe norms is nie bereken nie aangesien die st.6-universum 'n standerdgroep en nie 'n ouderdomsgroep is nie.

Die resultate van die Intermediêr en Senior reekse word afsonderlik gerapporteer. Die resultate van die Intermediêre reeks wat op leerlinge tussen die ouderdomme 10 jaar tot 14 jaar en 11 maande toegepas is, word in tabel 5.1 weergegee en die resultate van die Senior reeks wat op leerlinge tussen die ouderdomme 15 jaar tot 17 jaar en 11 maande toegepas is, word in tabel 5.2 weergegee.

Die gemiddelde IK-punt in plaas van die gemiddelde roupuntprestasie word in die geval van die NSAG gerapporteer.

TABEL 5.1  
RESULTATE VAN DIE NSAG (INTERMEDIÊR G)

Telling	N	Gemiddeldes		Standaardafwyking		Kurtose	Skeefheid	Getal items
		IK	Stanege	IK	Stanege			
Nie-verbaal	61334	105,10	5,64	14,66	1,82	3,30	0,10	75
Verbaal	61334	103,28	5,40	14,90	1,87	3,08	0,22	75
Totaal	61334	103,87	5,48	13,91	1,77	3,08	0,09	150

TABEL 5.2  
RESULTATE VAN DIE NSAG (SENIOR D)

Telling	N	Gemiddeldes		Standaardafwyking		Kurtose	Skeefheid	Getal items
		IK	Stanege	IK	Stanege			
Nie-verbaal	7583	89.11	3.58	12.06	1.58	2.74	0.25	75
Verbaal	7583	82.87	2.80	10.31	1.32	2.87	0.27	75
Totaal	7583	85.70	3.15	10.07	1.31	2.96	0.22	150

Die skeefheid en kurtose van die IK-verdelings soos in tabelle 5.1 en 5.2 weergegee, is oor die algemeen naby aan die optimumwaardes van 'n normaalverdeling en die gevolgtrekking wat hiervolgens gemaak kan word, is dat die leerlinge se IK-verdelings in hierdie opsigte normaal is.

Die gemiddelde IK's volgens die Intermediêre reeks is deurgaans hoër in vergelyking met die Senior reeks. 'n Moontlike verklaring vir hierdie verskynsel is dat die leerlinge in st.6 wat die Senior reeks afgelê het, die ouere leerlinge is, dit wil sê leerlinge wat om een of ander rede reeds op skool agter geraak het in vergelyking met die normale ouderdomsgroep vir st. 6. Dat hierdie leerlinge 'n intellektuele agterstand in vergelyking met die normale ouderdomsgroep het, word bewys deur hulle laer gemiddelde IK's.

(b) Junior Aanlegtoetse (JAT)

Die resultate van elf van bogenoemde toetse word in tabel 5.3 weergegee.

TABEL 5.3  
RESULTATE VAN DIE JUNIOR AANLEGTOETSE

Toets	N	Gemiddeldes		Standaardafwyking		Kurtose	Skeefheid	Getal items
		Roupunt	Stanege	Roupunt	Stanege			
1 Redenering	68,777	22.96	4.97	6.38	2.01	2.99	0.00	48
2 Klassifikasie	68,777	25.31	4.98	5.34	1.98	3.43	-0.24	48
3 Berekeninge	68,802	12.67	4.89	4.70	2.01	3.09	0.31	30
4 Onderdele:								
Seuns	35,105	23.52	4.90	6.46	1.98	3.68	-0.38	48
Dogters	33,697	14.94	4.96	4.62	1.91	3.59	-0.01	48
5 Sinonieme	68,790	16.94	4.94	6.87	1.94	2.97	0.30	48
6 Vierkante	68,794	13.47	4.91	4.32	1.97	3.02	0.19	30
8 Figuurpersepsie	66,439	28.08	4.94	8.74	1.94	3.79	-0.78	45
9 Geheue vir Name en Gesigte	67,973	20.12	4.98	7.96	1.99	3.32	0.58	45
10 Woordvlotheid								
Afrikaans	42,470	14.57	4.96	5.13	1.90	3.08	0.20	-
Engels	25,448	12.89	4.88	4.90	1.90	3.39	0.16	-
11 Koördinasie	67,930	113.24	4.98	23.76	1.96	3.13	-0.64	-
12 Skryfspoed	67,894	93.82	4.96	17.79	1.94	4.23	-0.12	-

Toets 7, Naamvergelyking, is nie nagesien nie aangesien hierdie toets se antwoordblad foutief was en dit kon moontlik die leerlinge se prestasies nadelig beïnvloed het.

Met die st.6-universum as normgroep is daar gemeenskaplike norms vir Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge bereken, behalwe in die geval van toets 10, Woordvlotheid, waar die twee taalgroepe verskillende toetse doen en aparte norms vir Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge bereken is. Gemeenskaplike norms is ook vir seuns en dogters bereken behalwe in die geval van toets 4, Onderdele, waar die twee geslagsgroepe om begryplike redes te ingrypend verskil en aparte norms vir seuns en dogters bereken is.

Met enkele uitsonderings is die waardes vir skeefheid en kurtose volgens tabel 5.3 na genoeg aan die optimumwaardes van 'n normaalverdeling om die gevolgtrekking te maak dat die leerlinge se prestasies op die JAT normaal verdeel. Op grond van die skeefheidsindekse blyk dit dat Figuurpersepsie (toets 8) en Koördinasie (toets 11) ietwat te maklik vir die st.6-leerlinge was terwyl Geheue vir Name en Gesigte (toets 9) weer ietwat te moeilik was. Op grond van die kurtose vir Onderdele (toets 4), Figuurpersepsie (toets 8) en Skryfspoed (toets 12) wil dit voorkom asof die st.6-leerlinge van 1965 meer homogeen is

ten opsigte van die eienskappe wat deur bogenoemde toetse gemeet word, as wat normaalweg verwag sou word.

(c) Handelstoetse (HT)

Die resultate van die HT word in tabel 5.4 weergegee.

TABEL 5.4

RESULTATE VAN DIE HANDELSTOETSE

Toets	N	Gemiddeldes		Standaardafwyking		Kurtose	Skeefheid	Getal items
		Rouput Stanege	Rouput Stanege	Rouput Stanege	Rouput Stanege			
1 Rekenkunde I Berekeninge	68,120	13.14	4.93	5.89	1.99	2.84	0.40	30
2 Rekenkunde II Probleme	68,217	11.95	4.93	6.76	1.99	2.30	0.37	30
3 Vergelyking	68,220	28.39	5.01	7.20	1.98	3.84	0.60	60
4 Sinonieme: Afrikaans	41,773	9.19	4.93	5.02	1.99	3.02	0.71	30
Engels	25,673	13.71	4.99	5.90	1.95	2.39	0.18	30
5 Alfabetisering	68,192	10.73	4.99	6.65	1.90	2.62	0.42	30
6 Spelling en Punktuasie: Afrikaans	41,769	12.91	4.94	5.81	1.96	2.53	0.25	30
Engels	25,660	12.11	4.95	5.48	1.94	2.62	0.26	30

Met die st.6-universum as normgroep is gemeenskaplike norms vir al die toetse met die uitsondering van toets 4, Sinonieme en toets 6, Spelling en Punktuasie, bereken. In die geval van toetse 4 en 6 doen die twee taalgroepe verskillende toetse en aparte norms is gevolglik vir Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge bereken.

Met enkele uitsonderings is die waardes vir skeefheid en kurtose volgens tabel 5.4 na genoeg aan die optimumwaardes van 'n normaalverdeling om die gevolgtrekking te maak dat die leerlinge se prestasies in die HT normaal verdeel. Op grond van die skeefheidsindekse blyk dit dat Vergelyking (toets 3) en Sinonieme (toets 4, Afrikaans) ietwat te moeilik vir die st.6-leerlinge was. Op grond van die kurtose vir Vergelyking (toets 3) wil dit voorkom asof die st.6-leerlinge van 1965 meer homogeen is ten opsigte van die eienskappe wat deur bogenoemde toets gemeet word, as wat normaalweg verwag sou word. Daarenteen wil dit volgens die kurtose van Rekenkunde II (toets 2) en Sinonieme (toets 4, Engels) voorkom asof die st.6-leerlinge meer heterogeen is ten opsigte van die eienskappe wat deur bogenoemde toetse gemeet word as wat normaalweg verwag sou word.

(d) Tegnieese Toetse (TT)

Die resultate van die TT word in tabel 5.5 weergegee.

TABEL 5.5

RESULTATE VAN DIE TEGNIESE TOETSE

Toets	N	Gemiddeldes		Standaardafwyking		Kurtose	Skeefheid	Getal items
		Rouput Stanege	Rouput Stanege	Rouput Stanege	Rouput Stanege			
1 Rekenkunde	68,731	17.86	4.96	7.05	1.98	2.43	0.09	40
2 Meganiese Insig: Seuns	35,151	16.74	4.99	5.18	1.92	3.26	0.39	38
Dogters	33,572	13.74	5.03	3.96	2.02	3.14	0.11	38
3 Vormwaarneming I	68,728	8.97	4.96	4.65	1.97	3.52	0.68	25
4 Vormwaarneming II	68,729	9.82	5.01	4.45	1.97	3.05	0.48	25
5 Gereedskaptoets: Seuns	35,151	22.04	5.01	5.86	1.91	2.99	-0.08	50
Dogters	33,572	15.22	5.00	4.45	1.96	2.99	0.01	50

Met die st.6-universum as normgroep is gemeenskaplike norms vir al die toetse met die uitsondering van toets 2, Meganiese Insig en toets 5, Gereedskapstoets, bereken. In die geval van toetse 2 en 5 waar om begryplike redes die twee geslagsgroepe te ingrypend verskil, is aparte norms vir seuns en dogters bereken.



Die TT is vir seuns opgestel. Met die 1965-toetsprogram is hierdie toetse ook op dogters toegepas. In die geval van dogters moet die resultate dus met groot versigtigheid geïnterpreteer word.

Met enkele uitsonderings is die waardes vir skeefheid en kurtose volgens tabel 5.5 na genoeg aan die optimumwaardes van 'n normaalverdeling om die gevolgtrekking te maak dat die leerlinge se prestasies op die TT normaal verdeel. Op grond van die skeefheidsindekse blyk dit dat Vormwaarneming I (toets 3) ietwat te moeilik vir die st.6-leerlinge was. Op grond van die kurtose vir Vormwaarneming I (toets 3) wil dit voorkom asof die st.6-leerlinge van 1965 meer homogeen is ten opsigte van die eienskappe wat deur bogenoemde toets gemeet word, as wat normaalweg verwag sou word. Daarenteen wil dit volgens die kurtose van Rekenkunde (toets 1) voorkom asof die st.6-leerlinge meer heterogeen is ten opsigte van die eienskappe wat deur bogenoemde toets gemeet word, as wat normaalweg verwag sou word.

## 5.2 RESULTATE VAN DIE SKOLASTIESE TOETSE

### (a) Algemene Toetse in Taal en Rekenkunde (ATTR)

Die resultate van die ATTR word in tabel 5.6 weergegee.

TABEL 5.6

#### RESULTATE VAN DIE ALGEMENE TOETSE IN TAAL EN REKENKUNDE

Toets	N	Gemiddeldes		Standaardafwyking		Kurtose	Skeefheid	Getal items
		Roupunt	Stanege	Roupunt	Stanege			
1 Moedertaal: Afrikaans	42,546	42.28	4.73	13.84	1.94	2.24	0.07	75
	26,088	43.50	5.09	12.97	2.07	2.37	-0.09	75
2 Rekenkunde	68,646	26.77	4.88	9.01	1.97	2.34	0.07	50
3 Tweede Taal: Afrikaans 2de T	26,088	20.73	4.68	8.55	2.01	5.42	0.89	75
	42,546	21.51	5.11	7.79	1.85	6.09	1.32	75

Die ATTR beskik oor beide standerd- en ouderdomsnorms alhoewel die ouderdomsnorms nie in die toetse se handleiding gepubliseer word nie. Aangesien die st.6-universum 'n standerdgroep is, kon ouderdomsnorms vir die ATTR op grond van die leerlinge se prestasies op hierdie toets nie bereken word nie. Nuwe standerdnorms met die st.6-universum as normgroep is egter vir die ATTR bereken maar nadat dit geblyk het dat die nuwe standerdnorms weinig van die bestaande standerdnorms verskil, is besluit om in hierdie geval ook die bestaande standerdnorms te behou. Die skaalpuntprestasies wat in tabel 5.6 gerapporteer word, is dus gebaseer op die bestaande standerdnorms.

Die twee taaltoetse van die ATTR (moedertaal en tweede taal) beskik oor aparte norms vir Afrikaans- en Engelssprekendes aangesien die toetse vir die twee taalgroepe verskillend is. In die geval van Rekenkunde is die norms gemeenskaplik vir geslag- en taalgroepe.

Volgens die skeefheidsindekse in tabel 5.6 blyk dit dat die Afrikaanse en Engelse toetse vir die tweede taal (toets 3) ietwat te moeilik vir die st.6-leerlinge was. Op grond van die kurtose vir die Afrikaanse en Engelse toetse vir moedertaal (toets 1) en Rekenkunde (toets 2) wil dit voorkom asof die st.6-leerlinge van 1965 meer heterogeen is ten opsigte van die eienskappe wat deur bogenoemde toetse gemeet word, as wat normaalweg verwag sou word. Daarenteen wil dit volgens die kurtose van die Afrikaanse en Engelse toetse vir tweede taal (toets 3) voorkom asof die st.6-leerlinge heelwat meer homogeen is ten opsigte van die eienskappe wat deur bogenoemde toets gemeet word, as wat normaalweg verwag sou word.

### (b) Spellingtoetse

Die resultate van die Spellingtoetse word in tabel 5.7 weergegee.

Op grond van die prestasies van 1965 se st.6-leerlinge is aparte norms vir die twee taalgroepe ten opsigte van moedertaal- en tweede taalspelling bereken.

Volgens die skeefheidsindekse in tabel 5.7 blyk dit dat die Spellingtoetse vir Engels as moedertaal en Afrikaans as tweede taal ietwat te moeilik vir die st.6-leerlinge was. Op grond van die kurtose vir Afrikaans as moedertaal wil dit voorkom asof die st.6-leerlinge van 1965 meer heterogeen is ten opsigte van die eienskappe wat deur bogenoemde toets gemeet word, as wat normaalweg verwag sou word. Daarenteen wil dit volgens die kurtose van Afrikaans as tweede taal voorkom asof die st.6-leerlinge meer homogeen is ten opsigte van die eienskappe wat deur bogenoemde toets gemeet word, as wat normaalweg verwag sou word.

TABEL 5.7  
RESULTATE VAN DIE SPELLINGTOETSE

Toets	N	Gemiddeldes		Standaardafwyking		Kurtose	Skeefheid	Getal items
		Rouput Stanege	Rouput Stanege	Rouput Stanege	Rouput Stanege			
Moedertaal:								
Afrikaans	42,221	21.01	5.01	8.55	1.96	2.40	0.34	45
Engels	26,298	17.34	4.98	8.69	1.97	2.78	0.64	45
Tweede Taal:								
Afrikaans	25,887	16.10	4.87	6.34	1.97	3.68	0.64	45
Engels	42,301	18.42	4.96	7.62	1.98	2.74	0.46	45

(c) Algemene Wetenskaptoets, Geskiedenis- en Aardrykskundetoets  
Die resultate van bogenoemde drie toetse word in tabel 5.8 weergegee.

TABEL 5.8  
RESULTATE VAN DIE WETENSKAP-, GESKIEDENIS- EN AARDRYKSKUNDETOETSE

Toets	N	Gemiddeldes		Standaardafwyking		Kurtose	Skeefheid	Getal items
		Rouput Stanege	Rouput Stanege	Rouput Stanege	Rouput Stanege			
Wetenskap	68,710	23.80	4.97	8.29	1.99	2.48	0.23	50
Geskiedenis	68,667	18.46	4.90	5.86	1.98	3.54	0.56	50
Aardrykskunde	68,063	18.89	5.00	5.97	2.01	3.46	0.65	50

Met die st.6-universum as normgroep is gemeenskaplike norms ten opsigte van taal en geslag vir bogenoemde toetse bereken.

Volgens die skeefheidsindekse blyk dit dat die Geskiedenis- en Aardrykskundetoetse ietwat te moeilik vir die st.6-leerlinge was. Op grond van die kurtose vir die Algemene Wetenskaptoets wil dit voorkom asof die st.6-leerlinge van 1965 meer heterogeen is ten opsigte van die eienskappe wat deur bogenoemde toets gemeet word, as wat normaalweg verwag sou word. Daarenteen wil dit volgens die kurtose van die Geskiedenis- en Aardrykskundetoets voorkom asof die st.6-leerlinge meer homogeen is ten opsigte van die eienskappe wat deur hierdie toets gemeet word, as wat normaalweg verwag sou word.

### 5.3 RESULTATE VAN DIE GUILFORD-SCHIEDMANN-ZIMMERMAN-BELANGSTELLINGSVRAELYS (GSZ)

Die resultate van die GSZ word in tabel 5.9 weergegee.

TABEL 5.9  
RESULTATE VAN DIE GUILFORD-SCHIEDMANN-ZIMMERMAN-BELANGSTELLINGSVRAELYS

Veld	Tel-ling	Geslag	Gemiddeldes		Standaardafwyking		Kurtose	Skeefheid	Getal items
			Rouput Stanege	Rouput Stanege	Rouput Stanege	Rouput Stanege			
1. Kunswaardering	H	Seuns	6.00	5.10	4.84	1.84	2.90	0.81	20
		Dogters	9.50	5.00	4.95	1.96	2.19	0.19	
	W	Seuns	2.03	5.73	3.14	1.15	8.99	2.29	
		Dogters	3.20	5.34	3.76	1.50	5.20	1.54	
2. Kuns-Ekspressie	H	Seuns	6.79	5.04	4.71	1.88	2.55	0.53	20
		Dogters	8.90	4.99	4.88	1.99	2.23	0.18	
	W	Seuns	2.93	5.37	3.72	1.42	5.30	1.59	
		Dogters	4.04	5.25	4.14	1.76	3.89	1.18	
3. Taal-Waardering	H	Seuns	6.14	5.01	4.70	1.90	2.93	0.77	20
		Dogters	7.46	4.96	4.77	1.86	2.60	0.57	
	W	Seuns	2.55	5.34	3.63	1.49	5.85	1.75	
		Dogters	2.98	5.41	3.68	1.39	5.30	1.59	
4. Taal-Ekspressie	H	Seuns	5.56	4.90	4.82	1.93	2.95	0.82	20
		Dogters	6.68	5.05	4.99	1.88	2.59	0.62	
	W	Seuns	2.80	5.40	3.87	1.48	5.43	1.67	
		Dogters	3.11	5.41	3.98	1.45	5.02	1.55	

TABEL 5.9 VERVOLG

Veld	Tel=ling	Geslag	Gemiddeldes		Standaardafwy=king		Kurtose	Skeef=heid	Getal items
			Roupunt	Stanege	Roupunt	Stanege			
5. Wetenskap-Navorsing	H	Seuns	6.12	5.14	4.82	1.88	2.80	0.71	20
		Dogters	4.50	5.03	4.30	1.78	3.86	1.14	
	W	Seuns	4.98	5.08	5.10	1.74	3.11	0.99	
		Dogters	3.80	5.31	4.51	1.48	4.29	1.39	
6. Wetenskap-Teoreties	H	Seuns	6.05	4.98	5.15	1.87	2.72	0.76	20
		Dogters	3.98	5.11	4.54	1.76	4.21	1.37	
	W	Seuns	4.43	5.29	5.09	1.44	3.41	1.17	
		Dogters	2.92	5.35	4.35	1.48	5.56	1.80	
7. Meganies-Hantering	H	Seuns	8.84	4.88	5.26	1.97	2.14	0.21	20
		Dogters	3.66	5.04	4.18	1.74	4.61	1.43	
	W	Seuns	6.07	4.92	5.34	2.00	2.52	0.69	
		Dogters	2.23	5.70	3.75	1.14	7.72	2.20	
8. Meganies-Ontwerp	H	Seuns	6.50	4.95	5.07	1.89	2.61	0.65	20
		Dogters	2.89	5.40	3.78	1.43	6.08	1.77	
	W	Seuns	6.18	5.10	5.56	1.78	2.38	0.67	
		Dogters	2.19	5.81	3.86	1.10	7.95	2.27	
9. Buitenshuis-Natuur	H	Seuns	7.99	5.07	4.87	1.92	2.39	0.39	20
		Dogters	9.99	5.00	4.94	1.92	2.12	0.05	
	W	Seuns	4.33	5.10	4.27	1.70	3.66	1.10	
		Dogters	4.05	5.24	4.18	1.73	4.01	1.22	
10. Buitenshuis-Sport	H	Seuns	10.29	5.06	4.99	1.99	2.15	-0.02	20
		Dogters	10.76	5.03	4.73	1.98	2.56	-0.17	
	W	Seuns	3.30	5.30	3.71	1.48	5.02	1.46	
		Dogters	2.98	5.01	3.61	1.87	5.31	1.57	
11. Handel	H	Seuns	4.50	5.06	4.14	1.77	3.74	1.07	20
		Dogters	3.60	5.18	3.83	1.73	1.41	4.81	
	W	Seuns	3.63	5.01	4.23	1.77	4.53	1.41	
		Dogters	3.03	5.38	4.04	1.44	5.54	1.71	
12. Bedryfs-leiding	H	Seuns	4.02	5.25	4.07	1.69	4.24	1.25	20
		Dogters	3.88	5.26	3.82	1.60	4.80	1.37	
	W	Seuns	3.21	5.30	4.05	1.53	5.27	1.60	
		Dogters	3.02	5.38	4.01	1.44	5.56	1.71	
13. Sosiaal-Oorrend	H	Seuns	4.30	5.10	4.16	1.66	3.83	1.11	20
		Dogters	4.35	4.97	3.91	1.99	4.09	1.14	
	W	Seuns	3.04	5.38	3.97	1.43	5.46	1.66	
		Dogters	2.85	5.34	3.91	1.46	5.70	1.74	
14. Sosiaal-Gesellig	H	Seuns	7.18	5.04	4.86	1.92	2.42	0.44	20
		Dogters	10.16	5.00	4.75	1.88	2.22	-0.08	
	W	Seuns	2.65	5.33	3.54	1.44	6.04	1.74	
		Dogters	3.46	5.09	3.77	1.76	4.47	1.34	
15. Persoonlike diens	H	Seuns	6.41	5.01	4.35	1.87	2.83	0.57	20
		Dogters	8.23	5.04	4.37	1.96	2.55	0.29	
	W	Seuns	3.52	5.28	4.05	1.47	4.41	1.36	
		Dogters	5.74	5.07	4.44	1.85	2.78	0.67	
16. Maatskaplike diens	H	Seuns	5.71	4.98	4.61	1.86	2.79	0.70	20
		Dogters	6.84	5.00	4.69	1.99	2.54	0.52	
	W	Seuns	3.94	5.38	4.42	1.50	3.86	1.22	
		Dogters	6.15	5.00	5.13	1.94	2.38	0.60	
17. Kantoorwerk-Klerklik	H	Seuns	4.38	5.09	4.39	1.71	3.72	1.12	20
		Dogters	4.65	4.93	4.36	2.00	3.74	1.11	
	W	Seuns	3.31	5.41	4.34	1.46	4.99	1.57	
		Dogters	4.52	5.12	4.96	1.80	3.29	1.10	
18. Kantoorwerk-Numeries	H	Seuns	4.00	5.20	4.22	1.74	4.31	1.29	20
		Dogters	3.37	5.11	3.91	1.78	5.47	1.60	
	W	Seuns	3.79	5.46	4.80	1.46	4.09	1.38	
		Dogters	3.89	5.41	4.89	1.44	3.98	1.36	

Seuns : N = 35114  
 Dogters : N = 33570

Die resultate van die agtien belangstellingsvelde, wat op hulle beurt weer onderverdeel is in 'n H- ("hobby" of stokperdjie) en 'n W- (werk) veld, word vir seuns en dogters afsonderlik weergegee aangesien afsonderlike norms vir seuns en dogters op grond van die st.6-leerlinge se prestasies volgens hierdie toets bereken is.

Die waardes vir skeefheid en kurtose volgens tabel 5.9 is, met die uitsondering van enkele waardes, na genoeg aan die optimumwaardes van 'n normaalverdeling om die gevolgtrekking te maak dat die leerlinge se tellings op die GSZ oor die algemeen normaal verdeel. In die geval van sekere velde waar die verdelings nie heeltemal normaal is nie, kan die vraag tereg gestel word of dit van st.6-leerlinge verwag kan word dat hulle belangstelling ten opsigte van al die velde van die GSZ normaal moet verdeel. Die grootste afwyking van 'n normaalverdeling vir beide kurtose en skeefheid kom voor ten opsigte van die volgende tellings: Seuns en dogters se W-telling ten opsigte van veld 1 (Kuns-Waardering), dogters se W-telling ten opsigte van veld 7 (Meganies-Hantering), dogters se H- en W-telling ten opsigte van veld 8 (Meganies-Ontwerp) en seuns se W-telling ten opsigte van veld 14 (Sosiaal-Gesellig). Hierdie afwykings van 'n normaalverdeling kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die vrae in hierdie velde nie heeltemal so geskik vir st.6-leerlinge is nie moontlik weens die feit dat hulle belangstelling op st.6-vlak nog nie voldoende uitgekristalliseer het nie. Dit word dan ook beoog om onder andere na te gaan hoe konstant 'n leerling se belangstelling gedurende sy hoërskoolloopbaan is aangesien dit belangrike implikasies het ten opsigte van beroepsleiding en vroeë differensiasie ten opsigte van vakeuse.

Indien die gemiddelde roupunttelling van die st.6-leerlinge as 'n aanduiding van hulle belangstelling geneem word, blyk dit dat beide seuns en dogters die hoogste gemiddelde H-telling ten opsigte van veld 10 (Buitenshuis-Sport) behaal. Dit wil sê albei geslagte gee die meeste voorkeur aan die aktiwiteite van hierdie veld vir die doeleindes van stokperdjies. Daarteenoor behaal beide seuns en dogters die laagste W-telling ten opsigte van veld 3 (Taal-Waardering) wat daarop dui dat albei geslagte die minste in die aktiwiteite van hierdie veld vir werkdoeleindes geïnteresseerd is. Indien die belangstelling van die geslagte afsonderlik in oënskou geneem word, blyk dit dat dogters die laagste W-telling behaal ten opsigte van veld 7 (Meganies-Hantering) terwyl seuns die laagste W-telling behaal ten opsigte van veld 1 (Kuns-Waardering). Hierteenoor behaal dogters die hoogste W-telling ten opsigte van veld 16 (Maatskaplike diens) terwyl seuns die hoogste W-telling behaal ten opsigte van veld 8 (Meganies-Ontwerp).

Aangesien die leerlinge se gemiddelde H-tellings amper konsekvent hoër as hulle gemiddelde W-tellings is, blyk dit geregverdig te wees om die afleiding te maak dat leerlinge se belangstelling op st.6-vlak eerder stokperdjie-gerig as werk-gerig is.

#### 5.4 RESULTATE VAN DIE PERSOONLIKHEIDS- EN AANPASSINGSVRAELYTE

(a) Die Jr. Sr. Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (HSPV)  
Die resultate van die HSPV word in tabel 5.10 weergegee.

TABEL 5.10

RESULTATE VAN DIE HOËRSKOOLOPBAAN-PERSOONLIKHEIDSVRAELYS

Faktor	Naam van faktor	N	Gemiddeldes		Standaardafwyking		Kurtose	Skeefheid	Getal items
			Roupunt	Stanege	Roupunt	Stanege			
A	Vriendelikheid:								
	Seuns	35,183	9.60	4.96	3.34	1.94	2.87	0.02	20
	Dogters	33,757	10.87	4.92	3.33	1.97	2.91	-0.06	20
B	Intelligensie:								
	Seuns	35,145	6.80	4.99	1.82	2.04	2.89	-0.46	10
	Dogters	33,731	7.01	5.07	1.71	1.79	2.94	-0.44	10
C	Egosterkte:								
	Seuns	35,183	11.65	4.94	3.49	1.95	2.71	-0.10	20
	Dogters	33,757	9.93	5.05	3.55	1.92	2.73	0.07	20
D	Prikkelbaarheid:								
	Seuns	35,183	9.97	4.99	3.63	1.98	2.64	-0.06	20
	Dogters	33,757	9.90	5.03	3.73	2.01	2.60	-0.07	20
E	Selfhandhawing:								
	Seuns	35,183	8.92	4.94	3.10	1.99	2.85	0.13	20
	Dogters	33,757	7.12	5.01	3.08	2.04	2.92	0.27	20

TABEL 5.10 VERVOLG

Fak- tor	Naam van faktor	N	Gemiddeldes		Standaardafwy- king		Kurtose	Skeef- heid	Getal items
			Rou- punt	Stane- ge	Rou- punt	Stane- ge			
F	Entoesiasme:								
	Seuns	35,183	9.62	5.04	3.14	1.98	2.91	0.14	20
	Dogters	33,757	8.96	4.94	3.30	1.91	2.84	0.20	20
G	Pligsgetrouheid:								
	Seuns	35,183	11.35	5.03	3.22	1.96	2.75	-0.04	20
	Dogters	33,757	11.35	5.03	3.23	1.96	2.77	-0.10	20
H	Avontuurlustigheid:								
	Seuns	35,183	10.10	4.96	3.83	2.05	2.67	0.06	20
	Dogters	33,757	8.82	5.05	4.00	1.92	2.64	0.23	20
I	Sensitiwiteit:								
	Seuns	35,183	7.57	4.99	3.22	2.03	2.85	0.28	20
	Dogters	33,757	12.20	4.98	3.18	1.92	2.90	-0.28	20
J	Passiewe individua- lisme:								
	Seuns	35,183	8.75	5.02	3.21	1.94	2.83	0.11	20
	Dogters	33,757	7.92	5.10	3.24	1.96	2.76	0.17	20
O	Vreesagtigheid:								
	Seuns	35,183	9.58	4.95	3.39	1.97	2.76	0.05	20
	Dogters	33,757	10.48	5.00	3.43	1.94	2.71	0.02	20
Q2	Selfgenoegsaamheid:								
	Seuns	35,183	10.34	4.96	2.88	1.99	2.90	-0.00	20
	Dogters	33,757	9.05	4.92	2.81	2.03	2.97	0.00	20
Q3	Selfbeheersing:								
	Seuns	35,183	11.27	4.91	2.97	2.01	2.89	-0.08	20
	Dogters	33,757	11.08	5.05	3.04	1.95	2.88	-0.10	20
Q4	Gespannenheid:								
	Seuns	35,183	8.82	5.04	3.38	1.95	2.72	-0.03	20
	Dogters	33,757	9.86	5.08	3.30	2.00	2.79	-0.05	20

Op grond van die st.6-leerlinge se prestasies op die HSPV is afsonderlike norms vir seuns en dogters bereken.

Die waardes vir skeefheid en kurtose volgens tabel 5.10, is na genoeg aan die optimumwaardes van 'n normaalverdeling om die gevolgtrekking te maak dat die leerlinge se tellings op die HSPV normaal verdeel.

Die gemiddelde roupunttellings, met die uitsondering van faktor I (Sensitiwiteit), is vir seuns en dogters ongeveer dieselfde. In die geval van Sensitiwiteit behaal dogters 'n gemiddelde roupunttelling van 12.20 terwyl seuns 'n gemiddelde roupunttelling van 7.57 behaal, dit wil sê 4.63 roupunte minder as dié van die dogters. Die hoër telling van dogters ten opsigte van hierdie faktor dui daarop dat dogters meer teerhartig, afhanklik, oorbekerd en fyngvoelig in vergelyking met seuns is en dit is wat ook min of meer verwag sou word.

(b) Die Aanpassingsvraelys

Die resultate van die Aanpassingsvraelys word in tabel 5.11 weergegee. Met die st.6-universum as normgroep is gemeenskaplike norms vir die twee taal- en geslags-groepe bereken.

Die waardes vir skeefheid en kurtose volgens tabel 5.11, is met enkele uitsonderings na genoeg aan die optimumwaardes van 'n normaalverdeling om die gevolgtrekking te maak dat die leerlinge se tellings ten opsigte van die Aanpassingsvraelys normaal verdeel. Op grond van die kurtose van velde 6 en 10 wil dit voorkom asof die st.6-leerlinge meer heterogeen is ten opsigte van die eienskappe wat deur bogenoemde velde gemeet word, as wat normaalweg verwag sou word.

'n Hoër telling ten opsigte van 'n veld beteken dat 'n persoon 'n swak aanpassing toon ten opsigte van die aard van aanpassing wat deur die veld gemeet word. Die leerlinge se gemiddelde roupunttellings ten opsigte van al die velde is deurgaans laer as die werklike gemiddelde van die getal items per veld. Die neiging tot 'n lae gemiddelde roupunttelling word ook bewys deur die hoër positiewe skeefheidsindekse vir velde 2, 3, 4, 7 en 8. Op grond van die lae gemiddelde roupunttellings blyk dit dat die 1965 se st.6-leerlinge as groep bevredigend aangepas is ten opsigte van die velde van aanpassing wat deur die vraelys gemeet word.

TABEL 5.11  
RESULTATE VAN DIE AANPASSINGSVRAELYS

Veld	N	Gemiddeldes		Standaardafwyking		Kurtose	Skeefheid	Getal items
		Roupunt	Stanege	Roupunt	Stanege			
1 Selfvertroue	68,981	8.70	5.02	3.53	1.89	2.53	0.08	20
2 Gevoel van eie waarde	68,981	6.38	4.98	4.07	1.92	2.67	0.54	20
3 Gevoel van persoonlike vryheid	68,981	3.50	5.25	3.25	1.65	3.48	1.05	15
4 Gevoel van aanvaarding en erkenning	68,981	4.26	5.01	3.20	1.92	2.87	0.69	15
5 Sosiale verhoudings	68,981	4.25	5.08	2.11	1.86	2.62	0.30	10
6 Simptome van seruweeagtigheid	68,981	6.89	5.04	3.19	1.90	2.37	0.06	15
7 Morele inslag	68,981	4.28	4.91	2.76	2.06	2.74	0.53	15
8 Huislike verhoudings	68,981	3.03	5.31	2.42	1.67	2.59	0.64	10
9 Skoolverhoudings	68,981	5.07	5.04	3.03	1.94	2.50	0.42	15
10 Emosionaliteit	68,981	5.89	4.98	3.44	1.98	2.30	0.28	15

5.5 RESULTATE VAN DIE BIOGRAFIESE EN ONDERWYSERSVRAELYSTE

(a) Die Biografiese Vraelys

Onder hierdie opskrif word die resultate van die Biografiese Vraelys wat deur die st. 6-leerlinge self beantwoord is, weergegee. Die vraelys bestaan uit 66 vrae waarvan die eerste vier vrae identifiserende gegewens lewer sodat geen statistiek ten opsigte van hierdie vier vrae verstrek word nie. In die geval van die orige 62 vrae word die resultate per vraag in frekwensies en persentasiefrekwensies weergegee. Die vrae word woordeliks weergegee soos dit in die vraelys aan die leerlinge gestel is.

In die geval van enkele vrae word die st. 6-universum se resultate met dié van Project Talent (Flanagan, 1964) vergelyk. (Project Talent het onder leiding van die "American Institute for Research" van die Universiteit van Pittsburgh plaasgevind en is in Maart en April 1960 afgehandel toe 450,000 graad 9- tot 12-leerlinge in die V.S.A. in 1,353 skole getoets is.)

Vraag 5 : Wat is die beroep van jou vader/stiefvader/voog wat vir jou verantwoordelik is?

	N	%
A Professioneel en semi-professionele werkers	8,169	11.7
B Administratiewe werkers	9,957	14.2
C Klerklike werkers	6,896	9.9
D Verkoopswerkers	3,375	4.8
E Geskoolde ambagsmanne	11,633	16.6
F Opgeleide buitewerkers	8,311	11.9
G Boere, tuiniers, bosbouers, vissers	8,749	12.5
H Persoonlike en huishoudelike dienswerkers	263	0.4
I Operateurs en halfgeskoolde werkers	7,550	10.8
J Ongeskoolde werkers	1,513	2.2
K Pensioentrekkers	2,282	3.3
L Geen beroep verstrek nie	1,210	1.7
Totaal =	69,908	100.0

In vergelyking met die gegewens van vraag 5 wat die min of meer werklike beroepsverdeling van die leerlinge se vaders/stiefvaders/voogde gee, is dit opmerklik watter groot getal leerlinge op st. 6-vlak professionele en semi-professionele beroepe kies (kyk vraag 6). Hierdie beroepskeuse van st. 6-leerlinge verteenwoordig die situasie voordat daar by die leerlinge 'n realistiese besef is van wat die vereistes in vermoëns of opleiding vir sodanige beroepe is. Dit sal interessant wees om te vergelyk in watter mate leerlinge se beroepskeuses verander namate daar 'n meer realistiese evaluering insake die vereistes van bogenoemde beroepe by die leerlinge ingetree het, dit wil sê in watter mate die leerlinge se beroepskeuses op st. 8- en st. 10-vlak verander. Klerklike- en ambagsberoepe is in hierdie volgorde die tweede en derde mees gesogte beroepe vir die st. 6-leerlinge.

Vraag 6 : Wat wil jy eendag word?

	N	%
A	32,245	46.1
B	695	1.0
C	11,767	16.9
D	1,208	1.7
E	9,053	13.0
F	7,652	11.0
G	3,669	5.2
H	159	0.2
I	423	0.6
J	100	0.1
K	144	0.2
L	2,793	4.0
Totaal	<u>69,908</u>	<u>100.0</u>

Vraag 7 : Watter een van die volgende soorte skole woon jy by?

	N	%
A	10,979	15.8
B	8,865	12.8
C	49,660	71.4
Totaal	<u>69,504</u>	<u>100.0</u>

Vir 404 leerlinge is gegewens nie beskikbaar nie.

Volgens die gegewens van vraag 7 is die oorgrote meerderheid van leerlinge in die land op st.6-vlak in gemengde skole.

Vraag 8 : Deur watter taalmedium ontvang jy onderrig?

	N	%
A	41,644	60.0
B	25,735	37.0
C	1,933	2.8
D	139	0.2
E	8	0.0
Totaal	<u>69,459</u>	<u>100.0</u>

Vir 449 leerlinge is gegewens nie beskikbaar nie.

Vraag 9 : In watter provinsie is jou skool geleë?

	N	%
A	20,096	28.9
B	7,492	10.8
C	5,863	8.4
D	34,698	49.9
E	1,379	2.0
Totaal	<u>69,528</u>	<u>100.0</u>

Vir 380 leerlinge is gegewens nie beskikbaar nie.

Volgens die gegewens van vraag 9 was ongeveer die helfte van die st.6-leerlinge wat in 1965 getoets is in Transvaalse skole. Die tweede grootste getal leerlinge, naamlik 28,9 persent was in Kaaplandse skole.

Vraag 10 : Dui aan watter soort skool jy bywoon:

		N	%
A	Provinsiale skool: (i) Gewone skool	58,893	84,7
B	(ii) Landbouskool	728	1,0
C	Hoër Tegniese Skool/Tegniese Kollege	3,505	5,0
D	Hoër Huishoudskool	314	0,5
E	Provinsiaal-ondersteunde skool: (i) Gewone skool	367	0,5
F	(ii) Kerkskool	625	0,9
G	Privaatskool : (i) Gewone privaatskool	1,786	2,6
H	(ii) Kerkskool	3,309	4,8
	Totaal	<u>69,527</u>	<u>100,0</u>

Vir 381 leerlinge is gegewens nie beskikbaar nie.

Volgens die gegewens van vraag 10 was die oorgrote meerderheid van st.6-leerlinge (85,7%) in 1965 in provinsiale skole. Daar kan verwag word dat hierdie toedrag van sake sal verander op st.8- en st. 10-vlak wanneer 'n groter mate van differensiasie ten opsigte van skole intree en meer leerlinge hulle in die ander skole bevind. (Bestaande indeling van skole volgens behêr, was in 1965 van krag maar het sedertdien verander.)

Vraag 11 : Waar is jou skool geleë?

		N	%
A	Stad of stedelike gebied	40,235	57,9
B	Dorp	27,542	39,6
C	Plaas	1,751	2,5
	Totaal	<u>69,528</u>	<u>100,0</u>

Vir 380 leerlinge is gegewens nie beskikbaar nie.

Vraag 12 : Wat is jou geslag?

		N	%
A	Seun	35,645	51,1
B	Meisie	34,092	48,9
	Totaal	<u>69,737</u>	<u>100,0</u>

Vir 171 leerlinge is gegewens nie beskikbaar nie.

Vraag 13 : Wat is jou huistaal?

		N	%
A	Afrikaans	41,300	59,2
B	Engels	21,430	30,7
C	Afrikaans en Engels	4,696	6,7
D	Duits	726	1,0
E	Nederlands	448	0,7
F	Grieks	247	0,4
G	Italiaans	261	0,4
H	Portugees	352	0,5
I	Ander taal	288	0,4
	Totaal	<u>69,748</u>	<u>100,0</u>

Vir 160 leerlinge is gegewens nie beskikbaar nie.

Indien die gegewens van vrae 13 en 8 met mekaar vergelyk word, blyk dit dat leerlinge wat hulle huistaal as Afrikaans en Engels aangee (item C, vraag 13) hulle onderrig deur medium van Engels ontvang.

Vraag 14 : By wie woon jy gedurende skoolkwartale?

		N	%
A	By jou ouers	54,280	78,2
B	By jou familie	1,469	2,1
C	In 'n koshuis	13,213	19,0
D	Loseer privaat	504	0,7
	Totaal	<u>69,466</u>	<u>100,0</u>

Vir 442 leerlinge is gegewens nie beskikbaar nie.



Vraag 15 : Waar woon jy gedurende skoolkwartale?

	N	%
A Op 'n plaas	5,131	7.4
B Op 'n plot naby 'n stad of dorp	4,719	6.8
C In 'n dorp	26,486	38.3
D In 'n stad of voorstad	32,900	47.5
Totaal	69,236	100.0

Vir 672 leerlinge is gegewens nie beskikbaar nie.

Vraag 16 : Jou woonplek gedurende skoolkwartale:

	N	%
A In 'n huis	52,270	75.2
B In 'n woonstel	3,355	4.8
C In 'n losieshuis of hotel	619	0.9
D In 'n koshuis	12,654	18.2
E In 'n kindershuis	580	0.9
Totaal	69,478	100.0

Vir 430 leerlinge is gegewens nie beskikbaar nie.

Vraag 17 : Hoeveel kinders (stief- en halfbroers en -susters ingesluit) is julle in die gesin?

	N	%
A Een (Jyself)	2,679	3.9
B Twee (Jyself ingesluit)	11,722	17.0
C Drie (Jyself ingesluit)	16,505	23.8
D Vier (Jyself ingesluit)	14,025	20.3
E Vyf (Jyself ingesluit)	9,100	13.1
F Ses (Jyself ingesluit)	5,701	8.2
G Sewe (Jyself ingesluit)	3,580	5.2
H Agt (Jyself ingesluit)	2,456	3.5
I Nege of meer (Jyself ingesluit)	3,483	5.0
Totaal	69,251	100.0

Vir 657 leerlinge is gegewens nie beskikbaar nie.

Volgens die gegewens van vraag 17 kom 65.0 persent van die leerlinge uit huise waar die getal kinders in die gesin vier of minder is, terwyl 35 persent van die leerlinge uit huise kom waar die kindertal van die gesin vyf of meer is. Vyf persent van die leerlinge kom uit gesinne waar die kindertal nege of meer is. Indien hierdie gegewens met dié van Project Talent vergelyk word, blyk dit dat ongeveer 70 persent van die graad-twaalf-leerlinge afkomstig is van gesinne met 'n kindertal van vier of minder, terwyl ongeveer 4 persent van die leerlinge afkomstig is van gesinne waar die kindertal nege of meer is.

Vraag 18 : Die hoeveelste kind is jy in die gesin (stief- en halfbroers en -susters ingesluit)?

	N	%
A Eerste	20,908	30.1
B Tweede	19,496	28.1
C Derde	12,734	18.4
D Vierde	6,948	10.0
E Vyfde	3,849	5.5
F Sesde	2,210	3.2
G Sewende	1,290	1.9
H Agste	779	1.1
I Negende of daarna	1,149	1.7
Totaal	69,359	100.0

Vir 559 leerlinge is gegewens nie beskikbaar nie.

Volgens die gegewens van vraag 18 was meer as die helfte van die leerlinge (58.2%) wat in 1965 getoets is, die eerste of tweede kind in die gesin. Volgens die gegewens van Project Talent het ongeveer 80 persent van die leerlinge geantwoord dat hulle die eerste of tweede kind in die gesin was.

Vraag 19 : Leef jou ouers nog?

		N	%
A	Vader en moeder leef	63,286	91.1
B	Vader oorlede	4,543	6.6
C	Moeder oorlede	1,270	1.8
D	Albei oorlede	314	0.5
	Totaal	<u>69,413</u>	<u>100.0</u>

Vir 495 leerlinge is gegewens nie beskikbaar nie.

Volgens vraag 19 het albei die ouers van 91,1 persent van die leerlinge in 1965 nog geleef. In die geval van 6,6 persent van die leerlinge was die vader oorlede terwyl 1,8 persent van die leerlinge se moeders oorlede was. In die geval van Project Talent het dit geblyk dat in ongeveer 80 persent van die gevalle beide ouers nog geleef het, terwyl ongeveer agt persent van die leerlinge se vaders oorlede was en ongeveer 1,6 persent van die leerlinge se moeders oorlede was.

Vraag 20 : Is of was jou ouers geskei of uitmekaar?

		N	%
A	Ja	6,393	9.2
B	Nee	62,907	90.8
	Totaal	<u>69,300</u>	<u>100.0</u>

Vir 608 leerlinge is gegewens nie beskikbaar nie.

Vraag 21 : Hoe ver het jou vader/stiefvader/voog, wat vir jou verantwoordelik is, geleer?

		N	%
A	St.6 of laer	11,702	16.9
B	St. 7	3,291	4.8
C	St. 8	9,253	13.4
